

## BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

### Review Article: The political system of South Africa

**Andre du Pisani**

*University of South Africa*

**C.F. NIEUWOUDT, G.C. OLIVIER & M. HOUGH (eds.)**, *Die Politieke stelsel van Suid-Afrika*. Pretoria: Academica, 1979. 326pp. R16,50.

In the preface to this latest contribution to a trilogy of textbooks that focus on South Africa's formal political institutions,<sup>1</sup> we are told that this particular study intends "to analyse the interplay between human aspirations, values and political institutions." (p. 1) Therefore it might be fairly expected that this textbook would include at least some clarification of key concepts such as "approach", "values" and the "institutional approach" itself. As with most concepts used in the social sciences these concepts are invariably defined and used differently. Students of politics should be made aware of this phenomenon so as to impress upon them the need to use concepts that are *theoretically useful* rather than as a smoke screen of jargon. Writers of social science textbooks should not only introduce concepts to their students and readers, but should also provide some guidance on how they ought to be used. Unfortunately the various contributors to this textbook do neither of these.

The book contains thirteen chapters of uneven quality and usefulness. The reader is presented with a generally arid analysis of the formal governmental structures of South Africa and essays dealing with selective aspects of South Africa's constitutional and political history. Essays by Olivier (VOC government at the Cape); Nieuwoudt (Political institutions of the Voortrekkers and the Boers); Du Plessis (British Rule 1795–1803 and 1806–1910); Constitutional Development between Union and the formation of a Republic) and Acron (Development of South Africa's Racial Policies) either avoid or even fail to refer to some of the major issues which have concerned both liberal and marxist scholars over the past few years.

In this respect, it is significant to note that every single contributor mentioned above has neglected the consolidation of a white settler community, especially with regard to the evolution of white domination, which was central in developing the distinctive features of the emergent Afrikaner people, gave additional impetus to Dutch Calvinism and resulted in a language of Dutch cast taking root far beyond the original settlement.<sup>2</sup> Moreover, no attempt was made by any of these contributors to reflect upon the significant socio-political implications of either the institutionalization of a system of labour relations notorious for its structural contradictions, dependencies and its exploitation, or of the evolution and implementation of particular land policies.

The vital linkage between the rise of Afrikaner political power and its political control over economic resources such as labour and jobs completely escape their field of vision. Indeed the whole development of white settler colonialism as a major historical and political theme is sadly missing. Clearly, selective historical perspectives such as those used by Olivier, Nieuwoudt, Du Plessis, Piernaar and Acron are totally inadequate to describe, let alone explain, the fundamental contradictions present in the South African body politic. The contention throughout the book that the vital distinction in white politics is an English/Afrikaner one (see for example pp. 5, 81 and 99) and that the crux of the South African problem hinges on the unique and pluralistic nature of its society (see for example pp. 5, 121 and 322) does not only reflect an orthodox and distorted view of South Africa's political history, but largely ignores the insights provided by other approaches which include economic as well as socio-political variables.<sup>3</sup>

The different chapters by Hough, Botes, Faure, Acron and Gildenhuyss on governmental structure and political institutions on the whole do what they set out to do. However, it may be argued that an exhaustive knowledge of south Africa's (or for that matter of any other political system's) constitutional niceties provides but limited insight into the relationship of the state to the governed. Moving to more specific issues, one cannot but question Acron's statement on p. 121 that "because the various racial groups possess distinctive (eiesoortige) values, norms and beliefs, their various interests cannot be accom-

1. Apart from this latest edition the two other sources that form part of the trilogy are: Worrall, Denis (ed.), *South Africa government and politics*. Pretoria: Van Schaik, 1971 and De Crespigny, A. and Schrire, R. (eds.), *The government and politics of South Africa*. Cape Town: Juta, 1978.
2. See Boxer, C.R., *The Dutch Seaborne Empire*. London: Hutchinson, 1965, pp. 245–7.
3. See, among other sources Adam, H. *Modernizing Racial Domination — The Dynamics of South African Politics*, Berkely, Los Angeles: University of California Press, 1971; Archibald, D., "The Afrikaners as an emergent minority", in *British Journal of Sociology*, 20 (1969): 416–425; Banton, M. "White Supremacy in South Africa", in Banton, M. (ed.), *Race Relations*. London: Tavistock Publications, 1967, pp. 164–192; Carter Gwendolen M. *The politics of inequality: South Africa since 1948*. New York: Praeger, 1962; du Toit, Brian M. "Politics and change in South Africa", in *International Journal of Comparative Sociology* 7 (1966): 96–118 ; Hill, Christopher R. *Bantustans: The fragmentation of South Africa*. London: Oxford University Press, 1964; Johnstone, Frederick A. *Class, race and gold — A study of class relations and racial discrimination in South Africa*. London: Routledge and Kegan Paul, 1976; Kuper, Leo *An African bourgeoisie: Race, class and politics in South Africa*. New Haven: Yale University Press, 1965; and Loubser, Jan J. "Calvinism, Equality, and Inclusion: The case of Afrikaner Nationalism", in Eisenstadt, S.N. (ed) *The Protestant ethic and modernisation*. New York, Basic Books, 1968, pp. 367 – 383.

modated in a single system of government and administration" (Own translation). Essentially, the above statement is based on a static view of ethnicity and of culture which implies among other things that ethnic and racial groups share a set of homogeneous values, and that ultimately, these values are unchanging. Such a view does not hold true anywhere in the world, let alone in South Africa which as an example of a deeply divided plural society is characterised by value cleavages *within* and *between* ethnic groups. No single ethnic or racial group in South Africa reflects the degree of "distinctiveness" in value terms ascribed to it by Acron.

Hough's contention that "in South Africa the Rule of Law has become duly institutionalised" (p.128) (He uses the Afrikaans word "ingeburger"), requires two qualifications. Firstly, the reluctance of the legislature to allow the courts to play any role in the implementation, let alone the formulation of state policy, inhibits the active application of the Rule of Law. Secondly, the consensual basis about the role of the Judiciary seems sadly lacking in South Africa. On the one hand, for a variety of reasons, the basic values on which our common-law system rests, such as fair trial, individual freedom and equality, are not shared, at least not to the same degree by the executive and legislature. Consequently the assertion of these values by the judiciary carries with it the real risk of either executive or legislative action which may threaten the independence of the courts. On the other hand, to some blacks, the judicial process is based on foreign ideas and values which they neither share nor understand. Hence, the judiciary's rather passive involvement in security and apartheid legislation has meant to many blacks that the courts have simply become part of the system of domination. Dean rightly points out that the neutrality of the courts which is undoubtedly vital to their function can hardly be attained in South Africa.<sup>4</sup>

Acron and Gildenhuys' essay on the subsystems for Coloureds, Indians and Urban blacks reflects two basic shortcomings. Firstly, no mention is made (perhaps deliberately so?) of the crisis of political legitimacy facing these ethnic subsystems. With respect to the Coloured subsystem there is not a single reference to the Theron Commission's report. Secondly the authors fail to refer to the fact that the *Second Bantu Laws Amendment Act*, No 102 of 1978, revised the nomenclature in laws and documents with reference to the term "Bantu".

The chapter by Hough on "Public Opinion and pressure Groups" not only reflects a lack of conceptual clarity (i.e. no distinctions are drawn between interest and pressure groups), but fails to inform the reader about the structure, role and impact of pressure groups on particular issues of a policy. By reading back copies of the *Financial Mail*, *Finance Week* and the annual Survey of Race Relations in South Africa one will undoubtedly learn far more about these and other aspects. Unfortunately Hough does not seem to have consulted any of these sources.

Nieuwoudt's chapter on "Political Parties" is singularly uninformative. It tells us little of the historico-political contexts in which the various parties were formed, or their particular interests which they intend advancing. Moreover, he refers to the formation of the New Republic Party (NRP), the South African Party (SAP) and the Progressive Federal Party (PFP) in one single paragraph! The writer's contention that "Vorster's political problems stemmed predominantly ('oorwegend') from foreign powers that wanted to force internal change in South Africa via Black majority rule" (p.311) is unbelievably naive, even bizarre.

The last chapter by Olivier deals with "Key aspects of the process of political change in South Africa". It largely consists of material previously published elsewhere.<sup>5</sup> Olivier's preference for consociationalism<sup>6</sup> of some kind as an alternative for South Africa, should be challenged by an alternative approach to the explanation of stability and effective government in deeply divided societies such as South Africa — one that would focus on effective group control over political rivals. In fact it has been argued convincingly by various scholars, notably Kuper, Flynn and Lustick, that consociational models can be deployed effectively only if an alternative model of control or domination is available.<sup>7</sup>

*Die politieke stelsel van Suid-Afrika* is an arid and extremely one-sided work (it even neglects to point out to its readers that alternative approaches to South African political problems do exist, let alone discuss these), and is by no means suitable as an introductory textbook on South African government and politics.

4. Dean, W.H. "the Judiciary", in De Crespigny, A. and Schrire, R. (eds.) *The Government and Politics of South Africa*. Cape Town: Juta & Co., 1978, pp.32—53.
5. Notably, Olivier, G.C. "Conflict Regulation in South Africa: options open to the Afrikaner power establishment", *Politikon*, Vol. 6, No. 1, June 1979, pp.3—12, and "Divisive and Integrative forces in South African Political and Constitutional Development: An historical perspective", in Benyon, John (ed) *Constitutional Change in South Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, 1978, pp.25—35.
6. "Consociationalism" is a normative model of democracy which rejects majoritarian democracy as the only form of democratic government. The idea is presently above all associated with the name of Arend Lijphart, a Dutch political scientist. The key elements of Consociational democracy are — coalition government; mutual veto; proportionality and segmental autonomy. For a fuller exposition of Lijphart's ideas, see among other sources — Lijphart, Arend *Democracy in Plural Societies: A Comparative Exploration*. New Haven: Yale University Press, 1977; "Majority Rule versus Democracy in deeply divided Societies", *Politikon*, Vol. 4, No. 2, December 1977, pp. 113—126, and "Cultural Diversity and Theories of Political Intergration", *Canadian Journal of Political Science*, iv, March 1971.
7. See Kuper, Leo and Smith, M.G. (eds.) *Pluralism in Africa*. Berkeley: University of California Press, 1969; Flynn, Peter "Class, Clientelism, and Coercion: Some mechanisms of internal dependency and control", *Journal of Commonwealth and Comparative Politics*, xii, July 1974; and Lustick, Ian "Stability in Deeply Divided Societies: Consociationalism versus Control", *World Politics*, Vol. xxxi, No. 3, April 1979, pp. 325—344.

M.S. APPELGRYN, *Thomas Francois Burgers, Staatspresident 1872—1877*. HAUM, 1979, 283 pp., R13,50.

"n Verraaiers was Burgers beslis nie," so bevind dr. Appelgrym, dosent aan die Universiteit van Suid-Afrika, in bogemelde proefskerif. Hyoordeel voorts dat nog tydgenote nog die nageslag pres Burgers, tydens wie se bewind die Suid-Afrikaanse Republiek deur annexasie ondergegaan het, "na behore" gewaardeer het nie: hy het nie "die eer wat hom toekom" verkry nie; 'n "onverdiende stigma" kleef aan hom, omdat weens sy optreden met die verlies van die onafhanklikheid "verraad" aan hom verbind is. Appelgrym noem hom 'n "hulpeloese slagoffer" van omstandighede buite sy beheer, wat 'n goeie oordeel is.

Dit is waar dat Burgers nie in die ry van gewaardeerde Republikeinse presidente staan nie. Die vraag is op Appelgrym met sy voorstelling van pres. Burgers se presidentskap daarin geslaag het om hom uit sy historiese bannelingskap terug te bring en aan ons 'n persoon gelewer het wat gesuiwer is van die stigma of blaam waarmee sy optreden omhul is. Die skrywer is bewus van die kontroversiële aard van Burgers se presidentskap, o.a. verwys hy na 'n tydgenootlike skrywer soos Cachet, en na S.P. Engelbrecht en C.J. Uys. Waar Engelbrecht Burgers se nagedagtenis blink gevryf het van die roes van vooroordeel en veroordeling en hom in oordrewe vorm as 'n in eer herstelde held probeer aangebly het, het Uys die kleed van verraad om Burgers gehang, hom verdag voorgestel en afgetafel. Dit val op dat Appelgrym behalwe in een verwysing nie probeer het om die Engelbrechtheid te ontluister nie; hy het egter skerp te veld getrek teen Uys, en deur vergelyking van dokumente en beredenering probeer om sy bevindinge en voorstellinge te hersien. Hy het daardeur 'n nuwe beeld van Burgers geskep wat met oortuiging deur leseraanaar kan word?

'n Mens het waardering vir die dokumente wat Appelgrym hier en in Londen en Den Haag gaan opdief het. Of hy in sy doel geslaag het bly 'n ope vraag. Sy beskrywing van Burgers se presidentskap is simpatiek maar sy ontleding van die bronne is nie in alle opsigte oortuigend nie; die rede is dat daar te weinig vergelyking is. 'n Mens kom, ná die lees van die boek, tot die gevoldtrekking dat dokumente veelkantig en onuitputlik is, en dat hulle bestudering iemand anders tot ander gevoldtrekkings kan bring as die simpatieke beeld wat Appelgrym skep.

Dat Burgers 'n onpraktiese idealis was, staan buite twyfel; dat hy wou vlieg voordat sy Republiek ekonomiese vlerke gehad het ook; dat hy dit goed bedoel het, sal niemand betwissel nie, ook nie dat hy in die moeilikste omstandighede moontlik die onafhanklikheid van die Republiek moes probeer handhaaf nie. Dat hy geen verraaiers was nie, gee ons Appelgrym toe. Dit is 'n positiewe bydrae van die studie. Dat Burgers 'n tragiese figuur was moet ons ook aanvaar.

Die vraag is of die skrywer Burgers wel in sy situasie begryp het. Uit sy studie blyk dat Burgers 'n gekompliseerde persoonlikheid vol teenstrydigheid gehad het wat reeds vir sy tydgenote duidelik was. Burgers het van buite Transvaal gekom soos ook president Brand van buite die Vrystaat. Waarom is Burgers nie deur die Transvaalse volk soos hy deur die Vrystaatse volk aanvaar nie? Beide moes teen die Britse imperialisme en annexasiplanne weerstand bied; waarom het Brand geslaag maar Burgers nie? Die vrae het nooit by die skrywer opgekom nie. Hy het nie 'n analise van die Transvaalse samelewings en van die Boerekarakter van daardie tyd gemaak nie, en dit nie met hulle agtergrond vergelyk van hulle houding teenoor leiers ontleed nie; die finansiële posisie van die Republiek — die kruks van die Transvaalse dilemma — is ook nie deur hom ontleed nie. 'n Mens sou meer van Burgers se posisie en situasie begryp het vanuit 'n sosiaal-ekonomiese analise. Alles kan nie blyk uit die analise van politieke dokumente verstaan word nie.

Wat beter uitgebeeld kon gewees het is dat Burgers hom deur sy loslippigheid en minagt van die Boeresamelewings, wat toe nog primitief was, vervreem het. Hy het hom omring van vreemdelinge wat nie begrip vir die Republiek gehad het nie, omdat uit Boeregeleders vanweë hulle onderontwikkelheid nie hoe staatsamptenare verkry kon word nie. Daarby was Burgers 'n ydel man, vol selfverheerliking, selfvoldaan, godsdienstloos en ongelowig, 'n man wat met minagt neergesien het op diegene wat hy moes regeer. Hy het bo hulle bly swewe en nooit een van hulle kon word soos Brand vir die Vrystaters nie. 'n Psigologiese studie van sy karakter sou meer van hom onthul het.

Die lees van die dokumente rondom die annexasie bring die swakheid van Burgers uit, en dit is die punt wat nie uit die dissertasie kom nie. Burgers as swakkeling wat sy lot sit en bekla en ander agteraf beskuldig het, maar sonder dat hy die morele moed gehad het om sterk teen hulle van teen Shepstone op te tree. Daarvoor was daar voldoende tyd en geleenthed. Daardie moontlikheid is nie voldoende ondersoek of geëvalueer nie. Burgers het hom in sy omstandighede as 'n onbehulpe, magtelose man betoont wat die voorafkennis van die annexasie tot sy beskikking onbenut gelaat het. Hy was uit voeling met sowel sy werk as die regering wat nie deur hom bedwing is nie. Sy houding teenoor Shepstone was soos kneg teenoor baas.

'n Mens verwys na Geyl se uitspraak dat geskiedenis 'n diskussie sonder einde is. Ek is van oordeel dat die meeste historici aanvaar het dat Burgers nie 'n verraaiers was nie, (hoevel dit nie van die gewone mens gesê kan word nie) sodat die skrywer, hoevel hy baie dokumente benut het, nie veel nuuts gebring het nie. Sy werk is egter 'n groot verbetering op dié van S.P. Engelbrecht, waaroor ons hom dankbaar is.

F.A. VAN JAARSVELD  
Universiteit van Pretoria

GERHARDUS POOL, *Die Herero-opstand, 1904—1907*. HAUM, 1979. 299 pp., bladregister, R12,75.

Gerhardus Pool lewer met hierdie publikasie van sy magisterverhandeling, ingedien aan die Universiteit van Stellenbosch, 'n belangrike bydrae tot die geskiedskrywing oor Suidwes-Afrika/Namibië. Hierdie stelling word nie alleen gemaak vanweë die besondere openbare en internasionale belangstelling en gevoldige kennisbehoefte wat t.o.v. hierdie deel van die Afrikakontinent heers nie, maar ook en veral vanweë die diens wat hierdeur aan die sistematisering van ons historiese kennis bewys word.

Die geskiedenis van Suidwes-Afrika in die breë bied nog 'n wye veld vir ernstige historiese navorsing en bloot t.o.v. basiese kennisversameling en -sistematisering wag daar 'n groot taak. 'n Magisterverhandeling dien in die eerste plek die doel om aan die leerlingnavorsers en -skrywers die geleenthed te bied om bewys te lewer dat hy die historiese metode soos 'n vakman kan hanteer. Daarna kan hy voortgaan en hom op belangrike bydraes tot die geskiedskrywing toespits. Tog kan

hierdie werk van Pool, benewens die feit dat hy hom hier as vakman bewys, ook reeds as 'n belangrike nuwe toevoeging tot die geskiedeniswerke beskou word. Die opstand van die Hererovolk in 1904 teen die Duitse gesag in SWA en die voortdragting daarvan totdat die krygstoestand in 1907 opgehef is ('n mens kan byna sê die Herero se mislukte driejarige vryheidstryd), figureer in dié gebied se geskiedenis as die dramatiese hoogtepunt van 14 jaar se onrus onder die verskillende volksgroepes. So omvangryk en hardnekkie was die opstand dat Duitsland hom verplig gevoel het om goewerneur Leutwein as militêre bevelvoerder met 'n generaal van die Duitse leër, Von Trotha, te vervang en om 'n paar duisend addisionele troepe met rydiere en toerusting na Duits-Suidwes-Afrika te stuur. Die Herero, Duitsers en die ekonomiese van die land het ernstige verliese gely en die mense moes groot ontbering verduur. Daarom is dit verstaanbaar dat die Herero-opstand 'n groot hoeveelheid literatuur in die vorm van verslae, herinneringe en mededelinge na vore geroep het. Benewens oorsigte oor hierdie opstand, is Pool se werk egter nou vir die eerste keer 'n wetenskaplike verantwoorde beskrywing van die oorsake en verloop van die opstand en die onderwerp daarvan. In fyn detail word botsing na botsing beskryf en op die rol van die sendelinge en bepaalde sleutelpersone gewys. Die belangrikste bydrae as historiese werk lê m.i. in drie aspekte van die studie opgesluit, nl. die wetenskaplike gefundeerde uiteensetting van die oorsake, die gesystematiseerde beeld van die gebeure en die beklemtoning van die afrondingswerk van goewerneur Von Lindequist met sy meer humane benadering ná Von Trotha, sowel as sy verordeninge van 1907 om 'n ordelike maar regverdige bestel in die geteisterde kolonie te probeer bewerkstellig. Die feit dat so min dokumente oor die opstand behoue gebly het, het meegebring dat relatief min nuwe materiaal oor die militêre aspekte opgediel kon word naas dit wat reeds uit bestaande literatuur bekend is. Nogtans maak die beskrywing van die gebeure 'n groot deel van die vir 'n magisterstudie werkliek omvangryke publikasie uit.

Poel het besondere moeite gedoen om alle moontlike bronne oor die onderwerp onder oë te kry. Deegliker raadpleging en benutting van die beskikbare bronne in SWA en Suid-Afrika kan van geen navorsing verwag word nie en daar word op baie verantwoordelike wyse van die materiaal gebruik gemaak. Die feit dat die opgaaf 'n magisterverhandeling was, was waarskynlik die rede waarom bronne in Duitsland self nie ook geraadpleeg kon word nie. Die literatuur, koerante en dokumente uit staats- en sendingargiefbewaarplekke bied egter 'n groot hoeveelheid fassinerende inligting.

Die skrywer het hom van subjektiewe taalgebruik en formulering probeer weerhou en daardeur die ideaal van die wetenskap op voortreflike wyse nagestreef. Sy uitgangspunt was dat die feite vir hulself moes spreek. Desnieteenstaande lê daar soveel emosies in die gegewee ingebed dat die verhaal van 'n volk in opstand en die traumatische belewenis van 'n bedreigde owerheid en koloniste ongedwonge uit die rugtere skryfstyl na vore tree. Die leser vra hom egter tog wel die vraag af of die emosies van die tyd nie ook in so 'n mate deel van die werkelikhede is dat die historikus dit meer pertinent na vore kan bring nie. Dit sluit natuurlik aan by die bekende en selfs tergende probleme rondom objektiwiteit, maar daar sal beslis daar-teen gewaai moet word dat die verlede nie in so 'n mate omtrent word dat 'n valse beeld daarvan geskep word nie.

Daar is hierbo reeds op gewys dat die onderhawige studie vir magisterdoelendes uitgevoer is. Naas die feit dat bronne oorsee nie benut is nie, het die oogmerk met die studie ook sekere verdere beperkings op die benadering tot en die hantering van die onderwerp gelê. Hoewel daar 'n kort inleidende hoofstuk is om as historiese aanloop tot die opstand self te dien, is dit m.i. nie ontledend genoeg om die betekenis van die Herero-opstand te belig nie. Met die uitsondering van 'n kort verwysing na die weerstand van Hendrik Witbooi, word nêrens verwys na die patroon van opstandigheid wat oor 'n hele aantal jare by 'n hele aantal groepes in SWA vorm aangeneem het nie. Die oorsake van die opstand word ook in so 'n mate afgebaken dat die belangrike feit misgekyk word dat naas die afsonderlike oorsake ook die algemene bestuurs- en verhoudingsituasie in die Duitse kolonie 'n uiters belangrike rol in die opbouing van 'n stoompotstoestand gespeel het. Die afwesigheid van 'n behoorlike koloniale administrasie in Duitsland self en van 'n geskikte masjinerie vir die hantering van die nie-blanke groepes in SWA geniet geen aandag in die studie nie. Die tersaakklikheid hiervan word benadruk deur die feit dat die Herero-opstand deur 'n ewe belangrike Nama-opstand teen die einde van 1904 gevolg is. Die ignorering van die Nama-opstand in die werk is trouens een van die redes waarom die tema nie in behoorlike perspektief geplaas word nie. Per slot van sake, Von Lindequist se optrede was tog die uitvloeisel van die twee opstande gesamentlik. Hiermee word natuurlik nie bedoel dat die Nama-opstand ook by die tema ingesluit moes word nie. Om dieselfde redes kan die skrywer dus ook nie die gevolge van die opstand werkliek evaluateer nie.

Wat hier as leemtes uitgewys is, moet in hoofsaak toegeskryf word aan die beperktheid van die doelstelling met 'n MA-verhandeling. Die feit dat die verhandeling egter gepubliseer word, bring die vraag na vore in hoe 'n mate die onderwerp in sy geheel bevredigend behandel word. Tegelyk duï hierdie leemtes dus ook op die behoeftte aan verdere navorsing.

Dit is dus 'n boek met bepaalde voortreflike verdienstes wat daarvan 'n interessante en uiters nuttige bydrae maak. Terselfdertyd kan dit nie die laaste woord oor die Herero-opstand wees nie en dien dit as stimulus vir verdere navorsing.

E.L.P. STALS  
Windhoekse Onderwyskollege

C.A. TAMSE (red.), en anderen, *Nassau en Oranje in de Nederlandse geschiedenis*. A.W. Sijthoff, Alphen aan den Rijn, 424 pp., afb., register.

Er is onlangs een nieuw boek over de Oranje-Nassaus verschenen. De redakteur, prof. C.A. Tamse, kondigt op p.7 dit werk als een dynastieke geschiedenis aan. De retoriek van onze tijd volgende schrijft hij: "Het maatschappelijk, politiek en cultureel belang van de vorstenfunctie binnen de grote structuren vraagt om een vernieuwing van deze tak van historiografie." De inhoud van deze vernieuwing blijft echter in het vase. Zij komt vermoedelijk neer op *ontmythologisering* der vorsten, in casu de Oranje-Nassaus. Prof. D.J. Roorda vermeldt deze ontmythologisering bij name met betrekking tot stadhouder Willem III. Daar is niets tegen in te brengen.

Elke Oranje-Nassau heeft in dit boek zijn eigen levensbeschrijver. De welbekende processie van stadhouders en koningen met de naam Willem trekt aan de lezer voorbij, tot mijn voldoening aangevoerd door de Nassaus in de Middeleeuwse

Nederlanden. Dikwijs zijn de banden tussen de Nassaus en de Nederlanden in de tijd vóór prins Willem I, toen zij nog geen Oranjes waren, te weinig besproken. De Grote Kerk te Breda bevat twee praalgraven van deze Nassaus.

Gelukkig is ook ruime aandacht gegeven aan sommige van de kloek echtpartners der Oranje-Nassaus, de intelligente buitenlandse prinsessen, die als gemalin en later weduwe de Oranje-Nassau-familie bijeen hielden, het familievermogen met overleg beheerden en zo nodig, doch zelden zich opdringend, de staatszaken hielpen behartigen met volledige loyaliteit jegens het Nederlandse volk. Men vindt van deze gemalinnen in het hier besproken werk Amalia van Solms, Wilhelmina van Pruisen (gemalin van Willem V), Sophie, gemalin van koning Willem III, en Emma, zijn tweede echtpartner, de regentes. Ik zou graag Louise de Coligny en prinses Anna, moeder en regentes van Willem V, aan deze reeks dames toevoegen.

Het onderhavige werk ontmystificeert, maar is geen ontluistering, geen "debunking of the heroes", welke in onze tijd opgang maakt. Vrijwel alle schrijvers in dit boek betonen hun helde de mate van sympathie, welche nodig is voor een aanvaardbare biografie, naast vermelding van zijn tekortkomingen. Zelfs de Oranje-Nassaus met zwarte vlekken in onze vaderlandse geschiedschrijving, zoals Maurits, de stadhouders Willem II en V en koning Willem III, komen er beter van af dan bij gezaghebbende historici in het verleden.

#### Wilhelmina

In 1980 zal de geboortedag van deze vorstin 100 jaar geleden worden herdacht. Daarom zijn hier enige regels aan haar gewijd. Haar biograaf in dit werk, prof. A.F. Manning, noemt haar "zonder enige twijfel ... een van de markantste Oranjes" (p.396). Haar biografie is de moeilijkste, omdat zij ons nog zo nabij is, omstraald door haar rol van Moeder des Vaderlands in Wêreldoorlog II, en omdat er nog te weinig documenten over haar beschikbaar zijn. Manning noemt naast deugden gebreken van deze koningin, welke thans door velen worden erkend. Doch haar gebreken verbleken bij haar deugden, daarvoor zij mijns inziens de ernaam "the Grand Old Queen" als vertegenwoordigster van een afgesloten tijdperk verdient.

Men beweert soms, dat onder de parlementair-constitutionele monarchie de vorst slechts een ornament is. Niets is minder waar. Een vorst met sterk karakter en verstand kan indirekt veel invloed op de regering uitoefen. Wilhelmina is daarvan een overtuigend voorbeeld. De parlementaire democratie vermag thans weinige mensen van formaat en karakter aan het bewind te brengen en daarom was Wilhelmina's invloed meestal heilzaam. Manning erkent, dat zij dikwijs beter oordeerde dan de vele zwakke ministers, die haar omringden, en in crisistijden ver boven hen uitstak.

Uiteraard zijn sommige van Mannings uitspraken over haar vatbaar voor nuancing. Hij schrijft bijvoorbeeld, dat zij en haar ministers in ballingschap te Londen de betekenis van Nederland in de oorlogvoering overschatte, maar ik meen, dat het hun plicht was om steeds voor de belangen van Nederland op te komen. Een van haar wijze besluiten was om de regeringszetel niet van Londen naar het verre Batavia over te brengen; zij voorkwam aldus een tweede, droevige vlucht der regering.

#### Leemten en wensen

Het hier besproken boek is typerend voor de grote geschiedkundige publikaties in het huidige Nederland en vaak daarbuit. Het is kloek van formaat, mooi verlucht met vele bekende en minder bekende vorstenportretten, zonder noten, welke vele leken zouden vervelen, doch waarvan het gemis gebruik door vakhistorici voor bronnenstudie bemoeilijkt. Kortom een fraai en interessant werk, dat ook geschikt is voor de koffietafel. Het lijkt bestemd voor het grote, belangstellende lekenpubliek, maar slaagt daarin onvolledig. Weliswaar zijn de meeste bijdragen vlot en bondig geschreven en zijn er weinig taalkundige ontspringen, bijvoorbeeld p.100 peilers (bedoeld is pijlers), p.119 image (waarom niet het Nederlandse beeld?), p.365 kroningsfeesten (de koning wordt niet gekroond, doch ingehuldigd), p.396 ontspannenheid (d.i. ontspanning), p.399 recentelijk (bedoeld is: recent of onlangs), p.412 meest rijke (rijkste).

De meeste schrijvers in dit werk glijden echter te snel heen over de hoogtepunten in de levens der besproken Oranje-Nassaus, over de kritieke jaartallen 1572, 1618, 1650, 1672, 1747, 1813, 1940. Het nu levende geslacht Nederlanders, dat vóór de onderwijsvervorming van 1950—60 heeft schoolgegaan, zal weinig toelichting op deze jaartallen behoeven, het jongere geslacht van na 1960 echter heel veel.

De schrijvers maken vele toespelingen op het staatsbestel der Nederlanden. Dat van de Republiek is heel merkwaardig en zelfs voor buitenlandse vakhistorici eerst na degelijke studie te doorgronden. Het leven van vorsten is uiteraard nauw met het staatsbestel verweven, ook tijdens de Republiek. In het hier besproken werk staat helaas nergens een schets van de staatsinrichting der Republiek en een overzicht van de reeks grondwetsherzieningen tijdens het koninkrijk.

Dit gemis vloeit voort uit de toewijding van de stof in gedeelten aan specialisten. Deze is thans regel bij geschiedwerken van grote omvang en is te verklaren uit de neiging tot vakspecialisatie en mogelijk uit schaarste aan historici van het formaat van J. Huizinga, P. Geyl en J. Romein, die werken van grote omvang aandurfden.

Bij spanwerk van vakspecialisten treden immers gemakkelijk leemten op. De grootste leemte in het hier besproken boek is de afwezigheid van een hoofdstuk over de dynastie der Oranje-Nassaus als eenheid. Het boek is niet de beloofde dynastieke geschiedenis, maar een reeks afzonderlijke levensbeschrijvingen, een verzamelwerk.

Ik zou graag een bundelend hoofdstuk als synthese over de dynastie in haar indrukwekkend geheel en continuïteit hebben gezien. Want indrukwekkend is de geschiedenis der Oranje-Nassaus, hoewel zij regeerden over een klein volk en in de onafhankelijkswording, opkomst als grote mogelijkheid en afgang naar derderangs macht met verlies van het meeste overzeese gebied in 1942 van dat volk deelden.

In dat ontbrekende hoofdstuk zou ik graag hebben gelezen over de karaktertrekken, welke de Oranje-Nassaus gemeen hadden, hun overeenkomsten en verschillen met andere vorstengeslachten. Als gemeenschappelijke trekken zie ik wijskracht met als keurzijde soms koppigheid, een goed of uitnemend verstand, nuchterheid, soberheid, afkeer van overdreven praat, van extremisme, van star godsdienstig dogmatisme (ook bij Maurits als kampvechter der Contraremonstranten), van het ondersteboven kerken der bestaande staatsinrichting ondanks de gebreken hiervan, drang naar toenadering tot het lagere volk, dat dan ook grotendeels vurig Oranjegezind was tot de opkomst van het socialisme.

Ik mis ook een beschouwing over de hier en daar vluchtig aangeduide nationale mythe over het drievoudig snoer of verbond tussen God, Nederland en Oranje. Eenmaal in elke eeuw of twee eeuwen is het kleine Nederland door een vreemde mogelijkheid bezet. De Oranje-Nassaus zijn bij deze bezetting steeds uitgeweken, "als David moest vluchten voor Saul den

"tyran", zoals reeds het Wilhelmus zegt met verwijzing naar hun Bijbels voorbeeld. Zij zijn te nuchter voor heldhaftig martelaarschap. Zij hebben in het buitenland dag en nacht gezwoegd voor de bevrijding van het bezette Nederland en zijn daarna in triomf naar het jubelende volk teruggekeerd. Zij hebben aldus hun prestige keer op keer vergroot. Elders hebben oorlog en bezetting vaak tot de val der dynastie geleid, ze hebben in Nederland daarentegen de band tussen volk en dynastie versterkt. De meerderheid van het Nederlandse volk meent daarom, dat wanneer het weer door een vreemde mogelijkheid zal worden onderworpen, niemand beter dan een Oranje vanuit het buitenland de bevrijding kan bevorderen. Dat is een nationale mythe, maar de doeltreffendste en mooiste welke ik ken.

Omdat de Friese Nassaus zo nauw met de Oranjes hebben samengewerkt en soms hun rivalen waren en in 1747 het bewind van de Oranjes als stadhouder hebben overgenomen, ware een afzonderlijk hoofdstuk over de Friese Nassaus voor 1947 wenselijk geweest. Johan Maurits, nationale held in het huidige Brazilië, krijgt enige aandacht op p.127, maar ik mis vermelding van zijn belangrijk optreden als tweede in bevel van Willem III in 1672-73 en commandant van de vitale Hollandse Waterlinie.

Al met al mag het Nederlandse volk dankbaar zijn voor de dynastie der Oranje-Nassaus. Uitgesproken domkoppen zijn schaars onder hen, intelligente, karaktervolle mensen talrijk. Dat is te verklaren uit hun gelukkige keuze van huwelijksgenoten, merendeels uit een solide Duits vorstengeslacht. Soms was er ernstige verwijdering tussen de Oranjes en hun volk, zoals tijdens Willem V en de koningen Willem I en III, maar hun opvolgers hebben het aanzien der dynastie glansrijk hersteld.

Elk hoofdstuk eindigt met een genealogisch overzicht betreffende de besproken Oranje-Nassau. Het werk wordt gesloten met een uitvoerige beredeneerde lijst van bronnen en publikaties, welke het gemis van noten moet vergoeden. Hieruit blijkt, dat, ondanks de menigte van geschriften, over verscheidene Oranje-Nassaus weinige biografieën en geen enkele modern-wetenschappelijke levensbeschrijving bestaan.

Het hier besproken werk is een mooie aanwinst in de uitgebreide literatuur over een uitzonderlijk vorstengeslacht.

C. DE JONG  
Universiteit van Suid-Afrika

**C. PAMA, *Wagon Road to Wynberg*.** Tafelberg, Kaapstad, 1979, viii + 88 pp., ill., R21,00.

Mens vra jou af waarom destyds aan die gevaaarlike Tafelbaai voorkeur gegee is vir die skepe van die Oos-Indiese Kompanjie boewe ander hawes, wat aansienlik veiliger was. Water is die antwoord. Dit het 'n groot rol gespeel by die eerste vestiging in ons land. Dit is egter dieselfde stroompies water by Tafelbaai, waarmee later by die uitbou van die stad aansienlik rekening gehou moes word. Dit was ook nie hout nie, maar kos wat die eerste vryburgers 'n pad om die berg laat open het, waarby waarskynlik van 'n reeds bestaande paadjie van die inboorlinge voor die koms van Jan van Riebeeck, gebruik gemaak is. Ook veiligheid het 'n belangrike rol gespeel toe die pad oorweeg is.

Dr. Pama beskryf die eerste ontwikkeling langs hierdie pad na die binneland: 'n meul, bierbrouery, stadsgedeeltes wat vandag sentraal lê maar wat destyds tot die binneland gereken is: Papendorp, Woodstock, Sourtrivier wat vroeër 'n bekende smokkelaarsnes was, Sterkfontein, Mowbray, Rondebosch, Nuweland, Claremont, en ten slotte Wynberg. Hy staan ook stil by die oudste plase langs die pad: Zonnebloem, Leliebloem en Roodeblom.

Afhoewel die pad blykaar gereeld gebruik is, het dit in die begin van die vorige eeu 'n in baie verwarroloose toestand verkeer. Die bekende ingenieur-argitek Louis Thibault is genader, wat aanbeveel het dat 'n heeltemal nuwe pad gebou word. In 1807 is hiermee begin en dit het meteen die geleentheid geskep om die staatsgrond in die nabijheid behoorlik op te meet. Dr. Pama beskryf allerlei interessante besonderhede in verband met die landgoedere langs die pad, die families wat daar gewoon het, belangrike besoekers, erfwetprobleme, herberge en tapperye.

Maar Kaapstad het onvermydelik uitgebrei en verstedeliking het 'n toenemende bedreiging geword. In 1847 was Rondebosch nog ver buiten die stad. Die omnibus maak sy verskyning en 'n daaglikske passasierskoets na Simonstad het vir daardie dae haastig langs die pad beweeg. Afhoewel besoekers selfs in 1853 nog vol lof was oor die pad met sy pragtige bome en plantegroeи, het die rustigheid tog stadiagan begin verdwyn. Veral na die koms van die trein het die pad verander na 'n besigheidstraat. Rhodes en Herbert Baker het met hulle bouplanne verder bygedra tot verandering; daar is die aanleg van die Universiteit van Kaapstad en Groote Schuur. 'n Militêre kamp in die nabijheid het later bygekom. Vanaf 1913 is steeds meer dorpsgebiede aan Groot Kaapstad toegevoeg, totdat veertien jaar later ook Wynberg volg.

Mens mag miskin hierdie ontwikkeling betreur, maar die tyd staan nie stil nie en oor die hele wêreld word dieselfde verloop van stedelike uitbreiding waargeneem. Dit begin met die verdeling van landgoedere, gevolg deur verdere onderverdeling, totdat ten slotte 'n nuwe voorstad uitgelê word.

Die pad na Wynberg is die oudste pad in ons land. Dr. Pama het die ontwikkeling nie net uiters noukeurig nie, maar ook baie boeiend beskryf. Die geskiedenis is nie sonder romantiek nie; dit is tog die gebied waar Jan van Riebeeck rondgestap het, vol plannen vir die toekoms. Die illustrasies in die boek help hierdie tipiese sfeer versterk: ou skilderye, tekeninge en sketse en vir die later tyd ook foto's. Dit is 'n uitstekende boek en 'n baie welkome aanvulling tot die boeke wat dr. Pama alreeds oor Kaapstad en sy geskiedenis geskryf het.

F.G.E. NILANT  
Universiteit van Pretoria

M.C. VAN ZYL, *Die Protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners 1877–1889*. Academica, Pretoria, 1979, R17,50 (ABV uitgesluit).

Op 12 April 1877 is die Zuid-Afrikaansche Republiek deur sir Theophilus Shepstone tot Britse koloniale besitting geanneksieer. Hierdie daad het tot die begin van 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die Afrikanernasie in die negentiende eeu aanleiding gegee. Die belangrikste gevolg van die anneksasietydperk was dat 'n nuwe geestesgesteldheid, by name Afrikaner-nasionalisme, regoor Suid-Afrika posgevat het. In Transval self het dit 'n hoogtepunt met die Eerste Vryheidsoorlog bereik.

In sy detailstudie oor die anneksasieriode het prof van Zyl daarin geslaag om 'n wetenskaplike werk te lewer wat óp eie voete staan en in die afsiensbare toekoms waarskynlik nog as standaardwerk erken sal word. Die konsep van protsbeweging word in die werk beklemtoon. Volgens die skrywer beteken hierdie begrip "... 'n volgehoud poging om 'n protes, dit wil sê 'n verklaring van ontevredenheid, oor 'n sekere handelswyse,lewendig te hou, met as mikpunt die vreedsame verwydering van die bron van ontevredenheid." (Voorwoord) Interessant is ook sy gevolgtrekking by die evaluering van die periode. Volgens hom was die protsbeweging nie suksesvol gewees nie, want as dit wel was sou dit nie nodig gewees het om die wapen op te neem nie. (p.168) Tog poog die skrywer nie om sy navorsing in die korset van 'n bepaalde sisteem te plaas nie. Die doel is om die 'verledens-werklikheid' aan die hand van die nagelate 'spore of bronne' te skeets. Hierdie tradisionele wetenskaplike benadering word in die werk met groot sukses gehandhaaf. Van Zyl beskik oor die kundigheid van die tydperk en slaag daarin om naas 'n rationele ook 'n intuïtiewe interpretasie van die bronne te maak. En dit stel die leser daartoe in staat om saam met die navorsier 'n interessante verkenningsstog van die verlede aan die hand van die geskrewe dokumente te maak.

As gevolg van die omvattende navorsing wat plaaslik sowel as in die buiteland onderneem is kon die skrywer verskeie nuwe insigte bybring. So byvoorbeeld haal hy 'n dokument aan waarin Kruger ten tye van die Eerste Deputasie se besoek aan Londen vir lord Carnarvon sou vertel het dat hy (Kruger) ten gunste van die anneksasie was, maar hy was verplig deur die Transvalers om teen te staan. (pp.27–8). Hierdie verklaring wat Kruger in kamera afgelê het, is eers betreklik onlangs gevind en dit laat die historikus nuwe vrae oor die persoon Kruger vra. Was hy werkelik ten gunste van die anneksasie, of het hy maar slegs probeer om die minister van kolonies te flous? Die skrywer se evaluering van hierdie dokument word bepaal deur die gegewens tot sy beskikking, en in ooreenstemming met die wetenskaplike werksmetode is hy nie bereid om bewys te spekuleer nie.

'n Verdere voorbeeld van sy benadering is te vind in die beskrywing van die Wonderfonteinse volksvergadering van Januarie 1879. In *De Zuid Afrikaan* is daar 'n geskrif gepubliseer wat volgens gerugte deur al die teenwoordiges onderteken is. Die sterk ideologiese inhoud van die dokument — naamlik dat die burgers by wyse van 'n eed onderneem het om hulself vir die herstel van die vryheid te beywer — het in die verlede die verbeelding van verskeie skrywers aangegegryp. Daar is gepoog om in hierdie geskrif wat waarskynlik nie eers by die byeenkoms ontstaan het nie, 'n manifestasie van die nasionalisme te sien. Van Zyl se benadering is baie meer wetenskaplik. Eerstens verklaar hy dat daar geen bewyse bestaan dat die dokument by die byeenkoms gesirkuleer is nie. Maar terselfdertyd verklaar hy dat na aanleiding van die houding van die teenwoordiges dit wel moontlik was dat daar wel so 'n dokument sy beslag kon kry. (p.97).

Sy benaderingswyse verhoed die skrywer egter nie om van hipotese gebruik te maak nie. Gedurende die anneksasieriode het Britse amptenare graag daarvan gewag gemaak dat die meerderheid Afrikaners nie teen die ouerheid was nie, maar dat hulle deur die 'nasionalistiese agitators' daartoe gedwing is. Deur sy analitiese waarneming oor die aard en karakter van die Afrikaner in die negentiende eeu kom Van Zyl tot die gevolgtrekking dat hoewel daar sprake van intimidasie was, die hardkoppigheid van die Afrikaner hom nie 'n persoon gemaak het wat maklik van mening sou verander nie. (p.41).

'n Interessante eienskap van die werk is dat prof. van Zyl skaars na enige sekondêre bronne verwys. Deurgaans, verklaar hy in die voorwoord, is daar gepoog om die oorspronklike dokument te raadpleeg. En waar dit nie te vinde was nie het hy die gepubliseerde dokument krities benader. Ook word enkele feite dikwels deur 'n verskeidenheid van primêre dokumente gefundeer. Sy goeddeurdagte navorsingswerk en die noukeurige tekskritiek wat deurgaans toegepas is stel die skrywer daarvoor in staat om die mistaktings van verskeie vroeëre navorsers reg te stel. (p.29).

1980 is die honderdste verjaardagviering van die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog. *Die Protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners* sal aan die belangstellende publiek die geleentheid gee om meer kennis oor hierdie kleurvolle periode in die geskiedenis van die Afrikaner in te win.

J.W.N. TEMPELHOFF  
Universiteit van Pretoria

ARNOLD BENJAMIN, *Lost Johannesburg*. MacMillan, Johannesburg, 1979, 102 pp., R12,50.

Met Arnold Benjamin se *Lost Johannesburg* het die eerste boek oor 'n Transvaalse stad verskyn, waarin vir die bewaring van historiese geboue en omgewings gepleit word. Die laat verskyning van so 'n publikasie en die tentatiewe karakter van die pleidooi weerspieël die resente aard van die sogenaamde "bewaringsbewussyn" in ons noordelikste provinsie.

Deur die probleem van bewaring in sy boek aan te roer, en 'n waardering vir talle gesloope geboue op te wek, lewer Benjamin 'n bydrae tot die bewaringsbewusyn in Transval.

Breed beskou, het drie sake aanleiding gegee tot 'n herwaardering van ons argitektoniese erfenis in Transval. Eerstens het die ekonomiese opbloei van die jongste tyd die soeklig laat val op die ontstaangeskiedenis van ons myndorpe en -stede. Naas byvoorbeeld mynopolugmuseums op verskillende plekke in die provinsie, het ook etlike opknappings van myn- en stadsgeboue in myndorpe tot stand gekom.

Tweedens het, as gevolg van die sloping van talie historiese geboue, die besef ontstaan dat sulke opruimings die stadsbeeld verarm, sy karakter verswak en sy opvoedkundige betekenis verminder. Geen verwoestende bombardement soos in Europa tydens die Tweede Wêreldoorlog nie, maar slopings onder die vaandel van "voortgang", het veroorsaak dat daar 'n waardering vir historiese geboue in ons land onstaan het. Hierdie nuwe besef het ongelukkig eers gekom ná die verdwyning van sommige van die mees waardevolle geboue.

'n Derde faktor wat aanleiding gegee het tot 'n nuwe belangstelling in ons beboude historiese omgewing is die breë waardering vir vakmanskap en sorg vir detail, soos dit op ou meubels maar ook op ou geboue aangetref word. Romantiese assosiasies met vervloë dae, maar tewens die onbekombaarheid en onvervangbaarheid van duursame materiale speel hier 'n rol.

Ofskoon Benjamin hom in *Lost Johannesburg* op die Goudstad toespits, is sy opmerkings oor bewaring geldig vir enige stad in Suid-Afrika. In sy Voorwoord betreur hy die verlies van bekende baken in die stadsbeeld, van 'n menslike skaal in die proporsioneering van toringgeboue en van historiese en sosiaal-kulturele assosiasies. Tereg lê hy klem op die funksionele skakel met die verlede waarin historiese geboue uitblink: net soos 'n era se kunswerke in musiek, beeldende of literêre kuns, modes en huishoudelike artikels, weerspieël ook ou geboue die leefwyse, ideale en teenslae van die mens in 'n bepaalde tyd. Maar met groter trefkrag en direktheid as 'n museumstuk, maak geboue deel uit van ons daaglikse omgewing en hoef hulle dus nie in 'n vertoonkas opgesoek te word nie.

Sodoem die titel van die boek aandui, be-oog Benjamin 'n wye spektrum van verlore "onderdele" van die stad Johannesburg. Dit is inderdaad wat hy bied, al is dit net 'n seleksie van sulke komponente. In sy voorwoord kwalifiseer hy sy seleksie op 'n oorwegend subjektiewe basis en dit vorm dan ook die grondslag vir die hele aanbieding van sy boek. Allereers val dit op dat hy nie net by die bouwerke stilstaan nie, maar eweneens by die eienaars, argitekte en bouers daarvan, asook gebeurtenisse wat daar plaasvind het en persoonlikheid wat daarmee geassosieer kan word. Voorts introduceer Benjamin 'n nuwe aspek in hierdie soort boek oor die verdwene glorie van stede, deur in 'n totaal van 31 opstelle, vyf oor gebiede of omgewings, in te sluit. Naas historiese gewens oor die ontstaan van 'n gebied verskaf hy 'n visuele beskrywing, waarby hy ook van vroeëre literêre bronne gebruik maak. Dit tref mens egter, dat hy swart- of Indiërgebiede gekies het waarby kontroversiële punte, soos die verset teen verskuiwingsbevele deur die owerheid, baie aandag kry. Hierdie dele van sy boek kry gevoldigk 'n tendensieuse strekking.

'n Verdere vooringenomenheid blyk uit sy keuse van die geboue wat hy op die toneel voer: meer as 'n derde van sy opstelle wy Benjamin aan teaters, klubs en hotelle, terwyl slegs twee overheidsgeboue, drie woonhuise en vyf besighede bespreek is. Die klem lê dus duidelik op die vermaakkheidswêreld uit die ontstaansjare van Johannesburg. In hierdie oopsig bied Benjamin dan ook 'n kleurryke beeld en stoffeer hy sy opstelle met talie interessante wat nog nie voorheen gepubliseer is nie.

Ofskoon Benjamin in sy Voorwoord dit indruk wek dat hy geïnteresseerd is in die bewaring van argitektoniese erfenis, blyk dit, op twee uitsonderings na, nie so sterk in sy boek nie. Twee van sy opstelle wy hy naamlik aan die bewaring van respektiewelik die Markhams- en Ou Markgebou. Die res van die opstelle is hoofsaaklik nostalgiese herinnerings aan gesloopte geboue en gebiede. Mens vra jou af waarom daar geen verwysings is na die publieke belangstelling soos verteenwoordig deur die Johannesburgse Historiese Stigting, die professionele belangstelling van die Erfeniskomitee van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte en na die wetenskaplike belangstelling van die RAU se Boukunsnavorstingsafdeling nie. Die boek spoor dié leser ook nie aan om mee te help om 'n herhaling van die tema van die boek te voorkom nie. 'n Suggestie om by een van die talie verenigings aan te sluit wat hulle vir die bevordering van kennis oor en die bewaring van ons argitektoniese erfenis beywer, sou hier op sy plek gewees het. In hierdie oopsig is die bydrae van Benjamin dus nie so groot nie. Vanweë die afwesigheid van 'n aktualisering van die bewaringsprobleem neig die boek eerder na 'n "koffietafel-boek" as 'n oproep en motivering vir dié behoud van betekenisvolle elemente uit ons verlede.

Daar is enkele punte wat mens by die deurlees van *Lost Johannesburg* hinder. Allereers is dit jammer dat Benjamin in sy Voorwoord geen aanduiding gee van die volgorde waarin hy sy opstelle aanbied nie. Vir die ernstige leser is die willekeurige awisseling hinderlik. Ofskoon die skrywer self na die ongenommerde opstelle as "hoofstukke" verwys (p. 78), het ons in die boek eerder met breedvoerige byskrifte of aantekeninge by 'n versameling foto's te doen. Voorts verwag mens dat op hierdie stadium in die geskiedskrywing oor Johannesburg, 'n groot aantal geverifieerde feite in 'n boek oor die historiese boukuns van die stad opgeneem kan word. Terwyl Benjamin ten opsigte van sommige geboue nuwe en baie interessante gewegens aan die lig bring, val dit soveel te meer op dat reeds bekende feite by ander geboue weggeblaas is. Dit skep die indruk dat Benjamin hom onvoldoende in die omvangryke literatuur oor Johannesburg verdiep het. Ten slotte wonder mens waarom daar tussen die origens puik swart-wit-afdrukke van geboue, enkeles van minder gehalte voorkom. Beter foto's van byvoorbeeld dié op pp. 16,69 kan in die Africana-museum te Johannesburg aangetref word.

Wanneer mens dus 'n grotendeels leersame en goed-geïllustreerde boek oor verlore boukunsskatte in Johannesburg in Benjamin se *Lost Johannesburg* verwag, sal die lees en bekyk daarvan hom grootliks bevredig. As joernalis het Benjamin 'n vlot skryfstyl en weet hy om mens se nuuskierigheid deur voorheen ongepubliseerde foto's te prikkel. Die boek is tipografies goed versorg.

G.M. VAN DER WAAL  
ITALEK, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

D.W. KRÜGER, *Die Krügermiljoene*. Perskor, 1979, 123 pp., illus., R8,95.

*Die Krügermiljoene* is die nugtere, boeiende ontleding deur 'n geskolde historikus oor die bestemming van die ZAR se bates tydens en ná die Anglo-Boereoorlog.

In sy hoofstuk-indeling dui die skrywer myns insiens nie duidelik genoeg die onderskeid aan tussen die *twee soorte bates*

— te wete binnelands en buitelands — van die ZAR nie. Die gevolg is dat die leser nie begryp wat die skrywer bedoel met stelling dat die boek handel oor die "buitelandse geldelike bate, insluitende die restant van die goud, van die Zuid-Afrikaansche Republiek, ná die oorlog" nie, as hy nogtans 40% van die werk aan die *binnelandse bates tydens die oorlog* wy.

Wat die *binnelandse bates* betref, bied die skrywer 'n geslaagde verduideliking van, onder meer, die wyse waarop die goud en munsgeld ter waarde van 'n halfmiljoen pond sterling (R1 miljoen) uit Pretoria verwyder en na Machadodorp vervoer is pas voor die val van die hoofstad. J.C. Smuts was persoonlik hiervoor verantwoordelik, en soos die Generaal dit self stel, was dit vir hom later altyd 'n troos dat hierdie klein bedrag vir twee jaar lank stand gehou het teen die magtige Britse Tresourie.

Dit was juis die bestaan van hierdie halfmiljoen pond, die geheimsinnige verwydering daarvan uit Pretoria en die wyse van aanwending wat die legende laat ontstaan het van die "Kruger-miljoene" wat glo, in kiste verpak, iewers in die Oos-Transvaal begrawe is. Die skrywer wys egter daarop dat die meeste van die goud en munsgoud in die loop van die volgende twee jaar binnelands bestee is aan die noodsaklike vereffening van uitstaande rekenings vir gelewerde materiaal.

Die lotsbestemming van die *oorsese bates*, waarvan die NZASM (Spoorweg)-aandele die grootste deel uitgemaak het, is reeds deur 'n Uitvoerende Raadsbesluit van die ZAR in Julie 1900 bepaal. Die ZAR se buitengewone gesant in Europa, dr. W.J. Leyds, is in volle beheer daarvan geplaas, en dit moes te gelde gemaak word. Die geld moes in Leyds se private naam oorgeplaas word. 'n Spesiale kommissie is benoem wat die geldie, in geval van die ondergang van die ZAR, *ten behoeve van die Afrikaanse saak moes aanwend*.

Ná twee ernstige pogings mislukte pogings van die Britse Minister van Kolonies, J. Chamberlain, om op die buitelandse bates van die ZAR beslag te lê, het die Boereleiers ná die oorlog toegesien dat die U.R.-besluit uitgevoer word. Die verhaal van die "Kruger-miljoene" neem nou 'n verrassende verloop: die geld sou voortaan teruggeploeg word vir die politieke en geestelike opbou van die Afrikanerdom. Chamberlain het die fondse ná die oorlog op £1 miljoen geskaf, dog dit was in werklikheid slegs sowat £170 000. D.W. Krüger wys daarop dat dit veral Smuts was wat 'n belangrike rol gespeel het in die aanwending van die fondse. Duidelik het hy besef dat die voortbestaan van die nou verarmde en polities magtelose Afrikanerdom op die spel was. Die metode sou tweeledig van aard wees: die totstandkoming van 'n stelsel van Christelik-Nasionale Onderwys waardeur die amptelike onderwysstelsel onder die Milner-administrasie omseil is, en die heroprigting van 'De Volkstem' met dr. F.V. Engelenburg as redakteur in 1903. Dit het die Afrikaner weer polities bewus gemaak en die weg voorberei vir die stembus-oorwinning van Louis Botha se *Het Volk*-party. Die boekhouding van die fondse is finaal op 31 Desember 1925 afgesluit nadat £25 as laaste paaiement op aandele in die Nasionale Pers, Kaapstad, oorgedra is.

Die oorsese bates van die ou ZAR was uiteindelik uitgeput, maar nie voordat £8 000 in 1906 uit die fondse gegaan het nie om die Vrystaatse nasionale strewe te bevorder deur middel van persaandele in "The Friend". In 1931 het J.B.M. Hertzog die finale bestemming van dié fondse bepaal. Dit het daarop neergekom dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op 16 Augustus 1932 in volle besit sal kom van al die trustgeld, en sodoende die uiteindelike erfgenaam sal word van die legendariese "Krugermiljoene".

Die skrywer kom tot die slotsom dat die militêre stryd van die Afrikaner op 31 Mei 1902 vervang is met 'n politieke stryd in die vorm van 'n politieke organisasie en 'n nasionale onderwysbeweging waarby die beheer oor 'n belangrike deel van die pers 'n groot rol gespeel het. Die geldelike middele hiervoor is deur die buitelandse bates van die ou ZAR voorsien.

'n Paar tegniese punte verdien beswaar. Die skrywer gee geen aanduiding waaroor die afkorting O.P.A. in 'n sewetal voetnote van hoofstukkie IX en X staan nie. In sy lys van geraadpleegde bronne is verwysings soos "Leyd-Archief", "Public Record Office, Londen: F.O. en C.O.," en "Persoonlike inligting" met geen nadere besonderhede nie, niksgegrend en onbedriegend. Voorts word die universiteit van indiening vir die ongepubliseerde D.Phil.-proefschrift van dr. Lynette van Niekerk verkeerdelik as Unisa in plaas van die U.O.V.S. aangegee, en daarbenewens sonder datum. Daar word nêrens na Van Niekerk in die voetnote verwys nie, en tog verdien haar werk meer erkenning, want sy het die terrein self reeds goed bestryk.

In die geheel gesien, het prof. Krüger 'n besonder leesbare en insiggewende monografie die lig laat sien wat die planne van menige voornemende skatgrawer van die Krugermiljoene 'n finale nekslag toedien.

FRANSJOHAN PRETORIUS  
*Universiteit van Suid-Afrika*

M.C. BOTHA, *Premiersverkiesings sedert 1910*. Perskor, Johannesburg, 1979, 176 pp., illus., R12,50.

Om mens te wees, is ook om te wil weet wat agter die skerms aangaan. Wanneer 'n openbare persoonlikheid soos oud-minister M.C. Botha dan, na meer as 'n kwart eeu in die aktiewe politiek, kom vertel "hoe en in watter omringende omstandighede" (Voorwoord) Suid-Afrika se premiers tussen 1910 en 1978 verkies is, verwag die gemiddelde leser dat hy agter die politieke gordyn in geneem gaan word. Dit geskied egter slegs ten dele, en dan steek daardie vlugtige kykje soos Sondagskoollessies vir die kleintjies af by B.M. Schoeman se *Van Malan tot Verwoerd* — vir sover lg. dieselfde verkiesings as mnr. Botha behandel.

Mnr. Botha se verskoning dat hy as oud-kabinetslid deur 'n eed van geheimhouding belet word om "besonderhede van kabinetsbesprekinge en ander vertroulike staatsake" bekend te maak, behalwe in soevere dit "reeds openbare kennis" is (Voorwoord), gaan nie mooi op nie. Beaumont Schoeman se boek, wat veel meer oor die premiersverkiesings sedert 1948 openbaar is, immers al in 1978 gepubliseer. Dit is deels op sy eie kennis, ervaring en waarneming as 'n gesoute politieke joernalis gegroud, en deels op binne-inligting wat hy uit 'n onverdeelbare bron gekry het. Daardeur het veel besonderhede van kabinets- en NP-koukusbesprekinge reeds openbare kennis geword lank voordat mnr. Botha nog met sy manuskrip begin het. Hy sou 'n onskatbare diens verrig het as hy Schoeman se boek in behandeling geneem het.

Ter versagting en in alle billikheid moet daar egter aanvaar word dat lojaliteit teenoor sy ou makkers en kollegialiteit sekerlik mnr. Botha se pen meermale laat droog loop het.

Nog 'n rede waarom die leser nie behoorlik agter die gordyn in geneem word nie, is omdat die skrywer hom, anders as oud-min. Ben Schoeman in sy *My Lewe in die Politiek*, aan 'n saak wy waaroor hy, vanweë die tydspan, slegs gedeeltelik binne-inligting kán hé. Dit blyk al dadelik uit sy hoofstukindeling. Genls. Botha en Smuts se premierswording behandel hy saam in 'n enkele hoofstuk, dié van genls. Hertzog (1924) en Smuts (1939) in een elk, aan dr. Malan wy hy twee hoofstukke, maar aan mn. Strijdom en dr. Verwoerd vier elk, en aan mn. Vorster drie. Dié bind hy saam met 'n inleidende hoofstuk oor leierskap en premierskap, waarin hy aantoon dat 'n eie SA verkiesingsprosedure ontwikkel het wat verskil van die Britse, en 'n slot hoofstuk oor die nog heel bekende verkiesing van mn. P.W. Botha in 1978.

Dit sou totaal onbillik wees om van elke oud-politikus wat 'n boek wil skryf te verwag om soos 'n historikus te werk te gaan, want dan sal minder van hulle ooit "die pen opneem" en sal dié produkte wat wel die lig sien, miskien minder leesbaar wees; dalk ook minder eetyds outentiek. Vooroordeel, voorliefdes, lofryke taal, naywer en soortgelyke mankamente kan elk op sigself tog ook getuenis van die historikus wees. In die persoonlike en dikwels subjektiewe aanslag van mn. Botha is daar miskien meer tussen die reëls oor homself en sy tydgenote te lees as wat in 'n objektiewer werk moontlik sou wees. Sy gevoelheid teen oud-min. Ben Schoeman steek bv. soos 'n seer duim uit. Het hulle nie lekker saamgetrek nie? Indien ja, waarom nie?

So 'n politikus-skrywer hoef dus nie 'n historikus te wees nie, veral nie as hy hom tot sy ervaringe beperk nie. Wanneer hy egter sy hand aan 'n stuk geskiedenis waag waarvan hy nie eerstehandse kennis het of kan hé nie, behoort hy hom deegliker voor te berei as wat mn. Botha gedoen het ten opsigte van dié termyn tot 1953, toe hy die eerste keer in die Volksraad gekom het as LV vir Roodepoort. Die premiersaanwysing van genl. Botha kon hy bv. veel beter behandel het as hy maar die twee werke deur N.G. Garson en L.M. Thompson hieroor geraadpleeg het.

Sy tekening van die "omringende omstandighede" van die verkiesings is ook nie onbesproke nie. Dit is bv. onjuis om te beweer dat genl. Botha se opname van twee Natalers in sy kabinet in 1910 en die aantelling van 'n derde in die Spoorwegraad, Natal tevred gestel het, of soos hy dit uitdruk: "Hierin het die Natalers hulle (sic) berus" (p. 34). Die Natalers was die herrie in en het die herrie in gebly, soos blyk uit hul eie uitspraak oor hul twee kabinetslede, F.R. Moor en dr. O'Grady Gubbins, "Universally acknowledged to be the weakest members of that Colony's Ministry" (sien *The Natal Advertiser*, 23 en 31 Mei 1910 en *The Natal Witness*, 11 en 15 Junie 1910.) Die gees van die immer-grimmige F. Horace Rose, redakteur van die destyds invloedryke *Witness*, sal sekere om 'n gansveer en inkpot roep as hy moet lees van Natal se sg. berusting. "Horror" Rose, het Genl. Botha hom gedoop.

'n Mens lees ook dat dit "'n lagwekkende valsheid!" is om genl. Hertzog daarvan te beskuldig dat hy met die opname van Arbeiders in sy kabinet "met sy beginnels gesmous het" (p. 46). Dit is egter nog lagwekkend nog vals as in ag geneem word dat Hertzog die strewie na 'n republiek op dié altaar geplaas het om die Arbeiders tot 'n ooreenkoms te beweg.

Ander soortgelyke voorbeelde kan uitgelyg word.

Wanneer mn. Botha by sy eie tyd kom, raak hy veel beter en soms heel interessant, veral oor die verkiesing van dr. Verwoerd. Hiervan het hy eerstehandse kennis, want as een van Verwoerd se drie "werwers" binne die NP-koukus was hy diep daarin betrokke. Hy idealiseer sy tyd deur voor te gee dat daar destyds minder georganiseer en in 'n geringer mate stemme vir die onderskeie premierskandidate gewerf is as in die jongste verkiesing van mn. P.W. Botha. 'n Mens wil hom geredelik gelyk gee, maar dan moet die abnormale omstandighede van die jongste verkiesing in ag geneem word.

Hy is ook geneig om sy werving saam met mn. Hans Abraham en dr. Albert Hertzog vir dr. Verwoerd te ligtelik voor te stel. Hulle drie, sê hy, het voor die verkiesing in voeling met mekaar gebly "om, waar nodig, 'n bietjie te organiseer ten behoeve van dr. Verwoerd" (p. 106). Die "'n bietjie te organiseer" blyk egter te gewees het dat "ons tog fyn deurdagte planne vir alles geformuleer" het (p. 108). Onder andere het hulle die passasierlysste van twee treine bekom wat koukuslede ná die begrafnis van mn. Strijdom na Kaapstad teruggegneem het "sodat ons nog planmatig met hulle (die koukuslede) in verbinding kon tree" (p. 109), en op Maandag, 1 September, "was ons ... druk besig om al ons beplanning vir die belangrike koukus van die volgende dag agtermekaar te kry en om vir oulaas nog met sekere kollegas bietjie woordjies te wissel" (p. 109).

Die driemanskop se koppetellery was nie so onskuldig soos hy voorgee nie — dit was 'n "intensieve werving", soos hy later self daarna verwys (p. 136) en soos dit uit B.M. Schoeman se bespreking blyk.

Mn. Botha se behandeling van die premiersverkiesing van dr. Malan, mnre. Strijdom, Vorster en Botha is minder volledig, maar die boek in sy geheel is van belang in soverre dit 'n bykomstige middel is waaraan dié van die twee reeds genoemde Schoemans gemeet kan word.

Mn. Botha, op sy dag redakteur van *Die Taalgenoot*, is nie onbedreve met die pen nie, daarom sal hy dit ook betreur dat daar set- en taalfoute, lomp sinne en ander hinderlikhede deurgegli het, soos die dosyne kommas wat ontbreek op plekke waar dit hoort.

Die boek is netjies uitgegee, maar die agt prentjies van die agt premiers op die omslag is maar power — mn. P.W. Botha is haas onherkenbaar; en op die saamgestelde foto op p. 56 ontbreek die Goewerneur-generaal na wie in die byskrif verwys word.

Ten spye van vele tekortkomings, tog 'n welkome toevoeging tot hierdie soort lektuur, en hopelik nie die laaste uit die pen van die skrywer nie.

A.J. VAN WYK  
Universiteit van Suid-Afrika

PIET MEIRING, *Vyftig jaar op die voorblad*. Perskor, 1979, 180 pp., R9,95.

'n Goeie koerantman weet waarna sy leser soek en vertel sy storie keurig en op die man af. Mn. Piet Meiring het, jy kan maar sê, saam met die Afrikaanse koerante gegroeи en het 'n ervaringsryke loopbaan agter die rug, eers as aktiewe journalist by *Die Volksblad*, *Die Burger* en *Die Transvaal*, later as Inligtingshoof wat ten nouste met die pers geskakel het. In hierdie

boek put hy uit sy skat aan ervaringe, nie met die oog op 'n waardebepaling van die afgelope halfseu nie, maar om aan die hand van "grepe uit die tydskronicie... en losstaande insidente" die leser 'n indruk te laat kry van die nuus van sy tyd (Voorwoord).

In vyftien saaklike hoofstukke vertel hy onderhouwend van sommige nuuswaardighede, nie alles noodwendig deur homself beleef nie. Dit is uiteraard 'n bloemleesing; tog is daar 'n onvatbare iets wat die losstaande opstelle tot 'n geheel saamvoeg. Miskien is daardie "iets" te vind in die lekker verteltrant, die entoesiastiese menswees, die borrelende optimisme en die onmisbare selfvertroue van die verteller. Hy voer jou eenvoudig mee, van sy hoersè-verhaal van Hermann Rooseboom se amperse dorsdoed aan die Kus van die Dood toe dié in 1928 die terugkerende Afrikaners uit Angola tegemoet gegaan het, tot sy siening van die Inligtingsaffäre van die jongste verlede. Tussenin word verskeie uiteenlopende sake onder die loep geneem, sommige so verskillend van aard soos die ineenstorting van die New Yorkse aandelebeurs in Oktober 1929 en die dramatiese moordverhoor van Stephanus Louis van Wyk in 1930 in Bloemfontein.

As oud-koerantman bly lojaal teenoor die pers in die algemeen en die Afrikaanse koerante in die besonder. In sy kwarteeu as joernalis, sê hy, "het ek die grootste respek vir ons Afrikaanse koerante en koerantmense opgedoen", en hy glo steeds dat "ons nasionale koerante... die voorligers en wegbaners, ja en in 'n sekere sin die breinkrag en gewete van ons mense is". Hy loof *Die Burger* en *Die Volksblad* vir hul "lig en leiding" in die donkere politieke omwenteling van 1933–34; hy lig effens die sluier oor die "geloofsdaad" van 'n klompie Kapenaars wat tot die stigting van Voortrekkerpers en die eerste verskyning van *Die Transvaler* op 1 Oktober 1937 gelei het; hy gee kykies agter die skerm van dr. H.F. Verwoerd as koerantredakteur, o.a. van die lastersaak wat lg. teen *The Star* aanhangig gemaak en teen groot koste verloor het; hy verhaal van die spot wat die redaksie te verduur had omdat die redakteur volstrek gewiever het om enigtes van die Brisse koningsbesoek van 1947 in *Die Transvaler* te vermeld; hy loof hierdie koerant vir sy grootse rol in "die epiese stryd van die Transvalse Afrikaner om uit die stof op te staan en die bergspitse te bereik".

Van die Ossewa-Brandwag vertel hy in die trant van iemand wat self in die gees van daardie beweging opgegaan het; oor die legendariese oppang van die eerste Afrikaanse mynsgroep, dié van Willem Boshoff, wie hy uit soos slegs 'n man kan wat self sy pennies daarin belê en dit sjelings sien word het; hy spot met die snobisme van sommige hoë vroue wat hulle skielik in staatsweerde bevind; hy verhaal eerstehands van agter die gordyn oor die verloop van die rampspoedige Statebondskonferensie waar dr. Verwoerd Suid-Afrika se aansoek om lidmaatskap teruggetrek het; en, les bes, meneertjie Vittorio Carpio, wat in 1962 'n durende KWF-babalaas hier kom opdoen en dit toe aan gif in sy koffie toegeskryf het, kom staan weer ewe bok-se-klok voor die leser en word sienderoë die ongewildste voorwerp in die land naas litjieskaktus.

In sy sloothoofstuk treur hy tussen die reëls deur oor die dood van 'n departement (Inligting) aan die opbou waarvan hy veel tyd en aandag bestee het. As optimis glo hy egter dat daar uit die Inligtingskandaal met sy "Rhodie-agtige geheime" iets goeds gebore sal word, al sou elkeen dan net "die betekenis besef van 'n stewige fondament en goede boustene".

Hoewel die boek ligtelik geskryf is, hoeft die fynproever dit nie te versmaai nie — nie alleen om die kykies agter die skerm en die insigte oor die behandelde sake nie, maar ook om die beeld wat, sonder dat hy dit wil, algaande verrys van die man wat soveel jare die Inligtingshoof van hierdie land was.

Sonder duisterhede en feitefoutie is die boek nie. So verklaar die skrywer (p. 57) dat die Nasionale Party die parlementêre tussenverkiezing op 15 Augustus 1935 in Senekal "ternouernood" gewen het. Op telefoniese navraag het die skrywer verklaar dat dit beteken dat die NP net-net nie gewen het nie. Twee buitestaanders, proff. Louis Eksteen en Ben Liebenberg, aan wie die sin voorgelees is, het egter, soos hierdie leser, die teenoorgestelde betekenis daaranaar geheg, m.a.w. dat die NP net-net gewen het. Vir die rekord: die NP-kandidaat, mnr. J.J. Serfontein, is met 179 stemme deur die VP-man, lt.-kol. P.A. Froneman, geklop.

Die teendeel is gewis ook waar van die stelling dat genl. Smuts met die Paryse vredesonderhandeling in 1919 "geen onheil gesien (het) in die vergeldingstirades van Clemencau (sic) en Wilson nie" (p. 58). Dié fout kan ook aan swak redigerings toegeskryf word, want in die voorafgaande sin word juis verklaar dat Smuts standpunt teen dié staatsmanne ingeneem het wat hulle op Duitsland wou wreek. Die twee sinne weerspreek mekaar dus en 'n goede redigerer sou die fout ondervang het.

Die groot swakheid van die boek is juis die onnoueurige redigering en powere taalversorging. In die eerste tien reëls van die eerste hoofstuk kom daar drie set- en taalfoute voor, en daarvandaan dwarsdeur die boek: velore (p. 17), todat (pp. 23 en 74), vra i.p.v. vrae (p. 29), selfs i.p.v. self (pp. 61, 101), se i.p.v. sy (pp. 26, 37), grifier (p. 30), armbarmlik (p. 51), voorstaander (p. 72, 85), Yankees-stadion i.p.v. Yankee-stadion (p. 89), geinteneer (p. 89), verrineweer (p. 98), eekhornglies (p. 120), vervynde (p. 128), onkompromitterend (p. 133); in een paragraaf van vyf reëls op p. 78 kom Engelsgesprekkes, brug i.p.v. van burg en bring i.p.v. bring voor; in een kort aanhaling uit *The Star* staan indentifies en malignant i.p.v. identifies en malignant (p. 69); in vier paragrawe kort na mekaar word die woord ontsettend(e) drie keer gebruik, maar twee keer onsettend(e) gespel (pp. 21, 22); vier name word verkeerd gespel: Clemencau i.p.v. Clemenseau (p. 58), Philadelphia i.p.v. Philadelphia (p. 83), Sarah Gertrude Millin en haar man word in een sin twee keer as Millan voorgestel (p. 69) en dr. Kwame Nkrumah as Nhkruma (p. 138); in verskeie sinne ontbreek daar 'n word wat die leser laat struikel: op p. 11, begin besef (het); p. 76, om...onder almal se oë (te) moet deurloop; p. 132, nadat Indië die vorige jaar (ná) republiekwording lid gelby het.

Van verskeie lomphede net dié twee: "Hy het meermale by ons aan tafel kom sit en gesels en teenoor ons talle vyande gewys in wie se geselskap hy huis gevoel het" (p. 86). Hier word sekerlik *ontuis* bedoel. "Van die standpunt van die Afrikaner – destyds eenvoudig 'n ronde nul op die mynkontrak – het die ontstaan van die Boshoff-myne aan manne, wat vanweë gebrek aan tegniese kwalifikasies en sonder persoonlike toegang tot die eksklusieve goudmynkliek, die geleentheid verskaf om hul natuurlike aanleg ten volle te benut" (p. 102).

'n Mooi jong man met 'n puiseigesig – so word die boek vanweë die baie taalslordighede.

B.K.S. DIJKSTRA, *Graven en gravinnen van het Hollandse huis. Onderzoek van de stoffelijke resten opgegraven op het terrein van de voormalige abdijkerk te Rijnsburg in 1949 en 1951.* De Walburgpers, Zutphen, 1979, 192 pp., afb., register.

Onder de bovenstaande titel is onlangs een bijzonder werk verschenen met een bijna uniek onderwerp. Het is dr. Dijkstra's verslag van zijn onderzoek van opgegraven beenderen van het Hollandse gravenhuis en zijn gevolgtrekkingen inzake hun lichamelijke eigenschappen, erfelijke kenmerken en gebreken en de oorzaken van hun dood.

Vorige geslachten Nederlanders leerden op school de namen van alle Dirken, Florissen en Willems van dat gravenhuis, maar eerst vanaf Willem I, de Kruisvaarder van Damiate, begonnen zij in de herinnering te leven. Zijn voorgangers, van wie weinig bekend is, zijn begraven in de verdwenen abdijkerk van Egmond. Toen die kerk blijkbaar vol was, zijn de leden van het huis — misschien reeds de voorganger en broer van Willem I, Dirk VII — begraven in de abdij te Rijnsburg bij Leiden. De archeoloog dr. W. Glasbergen heeft hen daar opgespoord, opgegraven en de stoffelijke resten voor anthropologisch onderzoek naar Dr. B.K.S. Dijksra te Groningen gestuurd.

Dr. Dijkstra was hiervoor de beste keuze. Hij is assistent van het Anatomisch-Embryologisch Laboratorium te Groningen geweest en had reeds dergelijk werk verricht voor de archeoloog prof. A.E. van Giffen. Hij werd later oor-, neus- en keelarts en was derhalve geheel vertrouwd met de anatomie van schedels. Hij stelt veel belang in geschiedenis en historische navorsing en is een verdienstelijk amateurschilder, o.a. van portretten; hij beschikt dus over tekentalent en kunstenaarsfantasie, gewenst om uit skeletresten voorstellingen van levende mensen te vormen.

Hij zou een roman kunnen schrijven over zijn belevenissen als onderzoeker der skeletresten van Hollandse graven. Journalisten тоonden daarvoor een opmerkelijke belangstelling, vooral voor Floris V. Hij vertelt één incident op p.7 van zijn boek: Een journalist heeft gepubliceerd, dat hij de schedel van Floris V per vergissing zou hebben meegegeven aan een reizende lijmfabrikant. Een ander verhaal, door hem aan mij verteld, is, dat een vroegere burgemeester van Rijnsburg onverwachts 16 kinderoodkistjes bij hem aan huis liet bezorgen om daarin de resten der graven te bergen. Voor Dr. Dijkstra als practiserend arts was dit een onaangename belevenis. Daar zij voor het doel onbruikbaar waren, moesten alle 16 kistjes weer zijn huis uitgedragen worden!

Hij heeft na voltooiing van het onderzoek een degelijk, ruim geillustreerd verslag ingediend. Ambtelijke instanties hadden destijds weinig belangstelling voor feodale heren en dames in een grijjs verleden en het verslag rustte vergeten in een archief. Enige jaren geleden ontwaakte bij het publiek belangstelling voor Floris V, bekend van de schoolbanken wegens schoolreisjes naar het Nuiderslot — zijn schepping — en zijn vermoording door edellieden. In 1975 heeft Koningin Juliana een monument op de begraafplaats der Hollandse graven in de verdwenen kerk te Rijnsburg onthuld, waar hun rester weer in een tombe zijn bijgezet, en het verslag van Dr. Dijkstra werd weer tevoorschijn gehaald en is in 1979 met steun van het Prins Bernhardfonds gepubliceerd. Prof. Glasbergen is helaas enige maanden vóór de publicatie overleden.

Dr. Dijkstra heeft van de 16 onderzochte skeletten er 13 met redelijke zekerheid en 2 met een vraagteken geïdentificeerd; één skelet behoorde niet tot het Huis. Zij waren merendeels fors gebouwd en langer dan de gemiddelde Nederlanders in hun tijd (misschien door huwelijken met Skandinaviers uit Denemarken en Schotland, vermoed ik). Ze waren krijgshaftig; verscheidene mannen zijn gedood op het slagveld, meestal vechtend tegen de Friezen, of op het tournoiveld. De schrijver heeft nauwkeurig vastgesteld aan welke verwondingen en wapens een vroeg lid van het geslacht — misschien Godevaert met de Bult —, alsmede Floris de Zwarde, Floris IV (bekend door W. Bilderdijks ballade) en Floris V zijn bezweken. Ook sommige vrouwelijke leden waren potige dames met manlijke trekken; de schrijver noemt van haar Petronella van Saksen en Ada, abdis van Rijnsburg. Hij heeft de moorden op de vier genoemde graven gereconstrueerd en de historische berichten hierover, o.a. Melis Stoke over de dood van Floris V, grondig bevestigd.

Hy stelt als erfelijke afwijkingen in het gravenhuis vast het geheel of grotendeels ontbreken van de voorhoofdsholte — onschadelijk voor de gezondheid — en het niet onschuldig defect aan de wervelkolom spina bifida (occulta).

Het verslag versterkt de indruk, dat het Hollandse gravenhuis een formidabel vorstengeslacht is geweest op militair, diplomatisch en economisch gebied. Het heeft in twee eeuwen het gewest Holland van een stuk moeras in een uithoek van het Duitse keizerrijk opgewerkt tot een gebied met grote betekenis in de Europese handel en diplomatie. Degeneratie bedreigt echter ook energieke vorstengeslachten en heeft vermoedelijk ook het Hollandse gravenhuis ondergebracht. De meeste kinderen van de sterke Floris V en zijn gemalin Beatrix van Vlaanderen zijn jong gestorven en Dr. Dijkstra heeft vastgesteld, dat zijn zoon en opvolger Jan I lichamelijk en vermoedelijk geestelijk achterlijk was. Hij is reeds in 1299 overleden; van beweerd vergifting heeft Dr. Dijkstra echter niets gevonden. Zijn vroege dood is waarschijnlijk voor Holland een geluk geweest.

Een bekende graaf ontbreekt in de rij graven te Rijnsburg. Hij is Willem II, in 1256 door de Westfrielen gedood en begraven, door Floris V gevonden en herbegraven, zover mogelijk van Westfriesland in de abdij te Middelburg.

Het verslag is nauwkeurig gedocumenteerd met foto's, tekeningen, literatuuroppgave, verklarende woordenlijst van medische termen, stamboom der Hollandse graven en register. Het is een fraaie aanwinst voor de Nederlandse historische literatuur.

Dr. B.K.S. Dijksra is sinds 1972 in Pretoria gevestigd en werkt thans in Johannesburg. Hij gaat voort met publiceren op medisch gebied.

C. DE JONG  
Universiteit van Suid-Afrika

G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, Deel VII, 1924—1939. Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1979, R25,00.

Sedert die 19e eeuw het intellektuele of geestesgeschiedenis 'n ontwikkeling deurgemaak om as volwaardige subdiscipline

binne die geskiedwetenskap te bestaan. Die heersende geesteshouding in enige tydperk, is volgens H.E. Barnes, die belangrikste saambindende en organiserende faktor in die ontwikkeling van menslike kultuur. Die geesteshistorikus, het P.C. Conkin by geleenthed verklaar, is by uitstek op verlede-konsepte en oortuigings toegespits. Die unieke karakter van taal en denke maak 'n eksklusiewe fokus moontlik.

Hieruit is dit duidelik dat die beoefening van geestesgeschiedenis besondere eise soos onder meer filosofiese begrip en visie van die historikus vereis. In die Suid-Afrikaanse, en veral die Afrikaanse historiografie, het daar reeds lank 'n behoefté aan 'n omvattende geesteshistoriese werk bestaan. Dr. G.D. Scholtz het sedert 1967, met die verskyning van Deel Een van *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* homself bewyser om hierdie leemte te vul. As journalist en akademiese historikus is dr. Scholtz (geb. 1905) besonder bevoeg om oor die selfdeurleefde, en dus eietydse geskiedenis te skryf. Die waarde van Deel Sewe (1924—1939) lê huis daarin dat dit vir 'n jonger geslag historici 'n eerstehandse interpretasie van die onlangse verlede is. Vir 'n toekomstige geslag sal dit van nog groter waarde wees.

Om die tydperk in al sy geledinge te verstaan vereis 'n tematologiese indeling. Derhalwe bestaan die eerste gedeelte van die werk uit 'n omvattende agtergrondskildering. Eerstens word die internasionale milieу beskryf. Daarna word aandag geskenk aan die Afrikaner in 'n bepaalde tydsgewrig. Demografiese gegegewens word in samehang met sosiaal-economiese tendense gebring. Ook word besondere aandag aan die Afrikaner in kulturele opset gegee. Die Nederlandse invloed word bespreek, asook enkele hoofkarakters wat 'n toonaangewende rol in die verinheemsing van 'n unieke blanke kultuur gespeel het.

Veral vier gebeurtenisse het die politieke denke van die Afrikaner in die jare 1924—1939 beïnvloed. In Junie 1924 het die Nasionale Party onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog aan bewind gekom. Teen die einde van Oktober 1929 het die Wallstraatse effektebeurs ineengestort. Dit het tot 'n ekonomiese depressie van wêreldomvang aanleiding gegee. In Desember 1934 het die Verenigde suid-Afrikaanse Nasionale Party (VP) tot stand gekom nadat genl. Hertzog en genl. J.C. Smuts hulle onderskeie partye saamgesnoer het. Die leiding van die Nasionale Party het daarna op die skouers van dr. D.F. Malan gevall. Die vierde gebeurtenis van belang was die uitbreek van Wêreldoorlog II en die daaropvolgende Volksraadsbesluit van 4 September 1939, dat Suid-Afrika aan Britse kant sou veg.

Met die bewindsaanvaarding van genl. Hertzog se Nasionale Party (in samewerking met die Arbeiderparty) het die Afrikanernasie vir die eerste keer sedert Uniewording 'n regering gekry wat homself vir die bevordering van die Afrikanerkultuur in al sy geledinge sou bewyer. Die erkenning van Afrikaans as ampelike landstaal naas Engels (1925), 'n eie landsvlag (1927) en die verkryging van soewereine status vir Suid-Afrika (1926—7) was enkele hoogtepunte in die eerste vier jaar van die Nasionale regering. Tog is hierdie onderskeidings nie met gemak behaal nie. Die blanke bevolking wat die politiesaktiewe strata van die gemeenskap uitgemaak het, was verdeeld in Afrikaans en Engelsprekendes wat polariserende ideale nastreaf het. 'n Pro-Britse sentiment van imperiale onderhorighed het teenoor Afrikanernasionalisme te staan gekom. Op sigself was die imperialisme nie daartoe in staat om die dinamiese Afrikanernasionalisme effektiel teen te gaan nie. Gevolglik is dit deur die holistiese imperialisme, gefundeeer deur J.C. Smuts, en die liberalismus, verfin deur J.H. Hofmeyr, bygestaan. Die Engelsprekendes het hulself verontreg gevoel nadat die Nasionale Party aan bewind gekom het. Uit vrees vir voortgesette oorheersing het hulle op die politieke terrein tot openlike stryd teen die Afrikaner en sy kultuur oorgegaan. Veral twee faktore het, volgens dr. Scholtz, verhoed dat die Afrikaner die onderspit self. Eerstens het die Afrikanerbevolking besonder snel aangewas, en tweedens het die nasionalisme 'n opkomende geslag met 'n waardevolle idealisme besiel.

Die tweede fase in die periode onder bespreking, was een waarin politiek deur die ekonomie begrens is. Hoewel die Afrikaner die politieke mag besit het, het hy nog geen noemenswaardige invloed op die ekonomiese lewe, veral in die privaatsektor, uitgeoefen nie. Die neergelegde beleid van genl. Hertzog se regering was een van ekonomiese nasionalisme. As die wêreld se grootste goudprodusent, het dit premier gereken, moes suid-Afrika nie saam met Brittanje van die goudstandaard afstap nie. Dit sou die ekonomiese ontvoegding van Suid-Afrika, *viz-a-viz* Brittanje in die hand werk. Hierdie beleid is deur genl. Smuts teengestaan. 'n Hewige politieke stryd het gevolg wat eers met die beplande hertoetrede van Tielman Roos tot die politiek, ten einde geloop het. Op die sosiale gebied het die armlanke-vraagstuk ten tye van die depressiejare 'n groot omvang aangeneem.

Die totstandkoming van die Verenigde Party was een van die naskokke van die depressiejare. In sy evaluering van hierdie party verklaar die skrywer, dit was nog verenigd, nog Suid-Afrikaans, nog nasional en nog 'n party. Die vraag oor hoe daarin geslaag is om hierdie party te stig verantwoord hy aan die hand van die uitstaande geesteseskappe van die leidende politieke figure. Hertzog, kampvechter van die Afrikanerkultuur en vooraanstaande nasionalis, was by uitstek 'n juris. So lank 'n standpunt op grond van regsbeginsels verantwoord kon word, was hy te vindie daarvoor. Ook was hy van mening dat die Unionistiese element binne die nuwe party nie tuis sou voel nie. Hy het hom egter misgis, want die Smutskonsep van evolusionêre holisme het Hertzog se idees getransendeer. Politieke eenwording was slegs 'n onderdeel tot die groter wordende holistiese imperialisme. Die derde leier wat in hierdie tydperk sterk na vore getree het was dr. D.F. Malan. Sy oortuiging van: bring bymekaa dat uit innerlike oortuiging bymekaa hoort, het daarin geslaag om Afrikanernasionalisme te bewaar. 'n Verdeelde Afrikanerdom het tussen die jare 1933—38 bly voortbestaan. In die tweede helfte van 1938 het die simboliese Ossewatrek weer eens kulturele enwording in die hand gewerk. Tog het politieke verdeeldheid bly voortbestaan.

4 September 1939 beskou die skrywer as 'n datum van insnydende betekenis vir die Afrikanernasie. Die Volksraadsbesluit dat Suid-Afrika aan die Tweede Wêreldoorlog sou deelneem, het aan Smuts een van die grootste oorwinnings van sy politieke loopbaan verskaaf. Terselfdertyd het hierdie oorwinning die kiem van sy ondergang bevat. Deurdat Afrikanernasionalisme nie in die oorlogsbesluit geken is nie, sou dit, volgens die skrywer, 'n aanleidende oorsaak van Republiekwording in 1961 wees.

Die waarde van enige historiese werk lê daarin dat dit pitkos bevat waaraan in die eie tyd en die toekoms gekou kan word. Daaraan ontbreek dit in Deel Sewe nie.

DAPHNE CHILD, *A merchant family in early Natal: Diaries and letters of Joseph and Marianne Churchill, 1850—1880.* A.A. Balkema, Kaapstad-Rotterdam, 1979, X, 198 pp., ill., R15,00.

Joseph Fleetwood Churchill het in 1850 na Durban gekom en daar met A.W. Evans 'n besigheid begin. Sy onder vindings, beskrywings en opvattingen en die familiegeschiedenis in die nuwe land is weerspieël in brieve en dagboeke. Joseph het eers in 'n tent gewoon en eers later geriefliker gelewe. Sy suster Marianne het vier jaar later na Durban gekom en albei het in die Gillespie-familie getrou.

Brieve word aan ander mense geskryf. 'n Dagboek is deurgaans nie bestem vir die oë van ander nie en sekerlik nie vir publikasie nie. Gevolglik kan dit dikwels 'n baie spontane bron wees wat 'n verfrissende kyk op sake gee. Hier is dit sekerlik die geval. Joseph en Marianne was intellekturelle mense met 'n wye belangstelling. Hulle het goed rondgekyk en met 'n oop gemoed hulle indrukke verwerk. Die hierdie opmerkingsgawe en die aantreklike benadering van hulle gewaarwordings wat hierdie boek so waardevol maak. Ons verneem oor die vroeë dae in Durban, bome, en insekte en dit is opmerklik dat hulle 'n oog het vir die eksotiese van die landskap, plante en diere. Aanvanklik is hulle bewegings beperk tot die onmiddellike omgewing: Isipingo, Pietermaritzburg, Berea, die Howick-waterval, Moorivier. Hulle skryf oor die probleme wat emigrante aanvanklik in die nuwe land ondervind, die moeilikhede wat skepe het om die hawe in te kom, die instel van 'n maandelikse posbootverbinding met Engeland, die begin van spoorweganleg. Daar is veel proefnemings gedoen met produkte: vrugte, katoen en die begin van suikeraanplanting in 1851. Joseph meld die Byrne-emigranteskema, 'n protestvergadering in verband met verkoop van grond en arbeidsprobleme, bedreigings van Zoeloe-invalle van tyd tot tyd. Hy is tegelykertyd goed bewus daarvan dat sulke moeilikhede die mense laat saamstaan en tot 'n eenheid laat groei. Daar is ook die begin van munisipale bestuur en later die optrede van sir Garnet Wolseley. Dis duidelik dat Joseph hom dikwels grondig vererger het aan Britse inkompotensie.

Op baie verskillende en uiteenlopende terreine gee die boek inligting: die weer en reënval, huisinrigting, mode, sosiale gebruiks, die binneland en die gestadige uitgroeい van Durban self. Daar is die handel, veral in ivoor, en Joseph is telkens bewus van die geweldige slagting op die agtergrond hiervan.

Die boek is geïllustreer met tekeninge deur Marianne. Sy blyk 'n verdienstelike amateur-kunstenares te wees. Besonder merkwaardig is die eerste afbeelding van Pretoria uit 1857.

Joseph het dikwels die binneland ingetrek, vergesel van sy vrou Emma of sy suster, of albei. Uitstaande is sy relasie oor 'n reis oor Potchefstroom na Soutpansberg en die indrukke wat hy hier opgedoen het.

Op die agtergrond is die familielewe, die kinders, huwelike en dood, wat aan die geheel 'n diep menslike en partymaal ontoeroerende sfeer gee. Broer en suster het 'n ruime aandeel gehad in die ontwikkeling van die vroeë samelewing in Durban, besigheid, onderwys, en kerksake.

Voetnote is tussen hakies aangegee en vorm 'n deel van die teks, wat partymal verwarrend is. Daar is 'n uitstekende indeks.

Die waarde van die boek lê nie net in die groot aantal feite en gebeurtenisse wat vermeld word nie, maar veral in die insig daarop van die mense waarmee ons kennis maak. Vir die plaaslike geschiedenis van Durban en Pietermaritzburg is hierdie boek onmisbaar. Deur die breë opvatting oor sake van Joseph en Marianne is dit egter ook vir die geschiedenis van ons land 'n waardevolle bydrae.

F.G.E. NILANT  
Universiteit van Pretoria

DAN SLEIGH, *Jan Kompanjie, Die wêreld van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie.* Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1978, 75 pp.

Dan Sleigh heeft een populair en fleurig boekje over de Vereenigde Oost-Indische Compagnie, de VOC, gepubliceerd. Hij noemt deze instelling gelukkig niet, zoals in Zuid-Afrika meestal gebeurt, de Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, afgekort tot H.O.I.K., in het Engels D.E.I.C. Andere werken van zijn hand zijn o.m. *Fort Lijdzaamheid* (de rampspoedige geschiedenis van het VOC-fort aan Delagoabai 1710—1720) en *Sersant Barodien, Kaapse Korps*. Hij is Zuid-Afrikaan en heeft daarom grote belangstelling voor de VOC, welk machtig handelslichaam bijna anderhalve eeuw die Kaapkolonie heft bestuurd. Het Mercantilistische monopoliestelsel van de VOC heeft de economische ontwikkeling der Kaapkolonie krachtig geremd, hoewel men de langzame vooruitgang van dit stiekind van Europa ten dele ook aan ongunstige natuurlike omstandigheden moet toeschrijven. Daarom is het te waarderen, dat Sleigh de positieve kanten van de VOC meer belicht dan de negatieve en geen ongunstig woord over de VOC als bestuurder der Kaapkolonie schrijft. Alleen in het hoofdstukje "Die laaste Jare" wijst hij op de corruptie en het nepotisme bij de VOC en vermeldt hij de woordspeling "Vergaan Onder Corruptie" op die initialen V.O.C.

In 75 pp. behandelt Sleigh beknopt vele aspecten der VOC, zoals de opkomst van de Nederlandse Republiek, de stichting van de VOC in 1602, haar wijze van opereren, forten, beweging der vloot, die buitenposten (welke van hem relatief meer aandacht krijgen dan Batavia), het hoge en ook het lage personeel ("Jan Maat, Jan Hagel en Kortjan"; kortjan is het matrozennaam), stormen (vooral bij Kaap de Goede Hoop gevreesd), zeeroovers en een verdienstelijk hoofdstukje "Wat het oorgebly (van de VOC)?". Waar het pas geeft, weidt hij uit over de Kaapkolonie. Het werkje bevat ook een kort hoofdstuk over de Geocroeteerde West-Indische Compagnie, door Sleigh de G.W.C. genoemd. Het is verlucht met aardige rijmpjes en vele goede afbeeldingen.

De nauwgezette historicus vindt enige kleine onjuistheden in het werkje. Ik vind het jammer, dat Sleigh Willem de Zwijger "Willem die Stille" noemt, een nogal zotte vertaling van "William the Silent". Overigens toont hij die belangrijkste

publikasies over de VOC te hebben geraadpleegd in het Nederlands. In de aanhaling uit Zacharias hs.2 op p.1 moet men "ulieden" lezen in plaats van "vlieden". De 80-jarige oorlog is niet in April 1566 begonnen (p.3), maar in 1568, de Opstand in 1572. Spinoza was geen buitenlandse geleerde (p.5). Sleigh noemt een der voor compagnieën, welke tot de VOC zijn verenigd, de "Nordiese Kompanjie", maar deze is mij onbekend; misschien is per vergissing hier gedacht aan de Noordsche Compagnie, een kartel voor de walvisvangst. Op p.40 moet men in plaats van passaat Westenwinddrift lezen.

Ik wil niet voortgaan met zout op slakken te leggen en mijn voldoening uiten, dat een Zuid-Afrikaan een werkje over de VOC heeft gepubliceerd en de positieve kanten van deze ruimer belicht dan de negatieve. De VOC-tijd wordt in Zuid-Afrika nog te weinig bestudeerd.

C. DE JONG  
*Universiteit van Suid-Afrika*

T. VAN HUYSTEEN, *Stellenbosch te Voet (Footloose in Stellenbosch)*, tekening deur Hannes Meiring. Tafelberg, Kaapstad, 1979, pp. 112, R8,50.

Daar is boeiende gids en daar is droë gids. Hierdie is 'n boeiende een. Dis trouens meer as net sommer 'n gids. Die skrywer was vir 35 jaar vise-rektor van die Paul Roos Gimnasium. Hy ken Stellenbosch grondiger as wie ook en die boek getuig derhalwe van wye kennis en grondige navorsing. Bo alles blyk egter die skrywer se liefde vir Stellenbosch. Terug wys hy daarop dat Stellenbosch die beste bekijk kan word deur te stap. Die binnestad is klein en mens hoef sekerlik nie alles in een dag te doen nie. Hy vestig ons aandag op die heersende kleure: geweltwit, eikegroen, bergblou en onreëlmatig gegroeide lyne van torings en gewels, wat saamgegroeи het met die omgewing. Ons tref alle soorte modes aan vanaf die einde van die 17de eeu: eenvoudige huisies, dan swierigheid en pronggewels van die 18de eeu, wat weer gevolg word deur deftige Britse opvattings en die Victoriaanse styl met yster versierings. Die mense wat in die huise gewoon het, vertoon net soveel variasie as die huise self.

Dis eintlik merkwaardig en baie jammer dat van Simon van der Stel, goewerneur van die Kaap, geen portret oorgebly het nie. Hy was blykbaar 'n energieke, driftige en ondernemende mens. Op 8 November 1679 het hy die vlei Stellenbosch gedoop; dit was die eerste stap na die binneland. Veranderings het mekaar vinnig opgevolg en die blanke bevolking het gegroei. Tydens 'n twigesprek het Hendrik Bibault homself op 6 Maart 1707, net 'n kwart eeu later, 'n Afrikaander genoeml

Van Huyssteen begin sy beskrywing met die Ou Kweekskool, die oudste deel van die dorp, wat op die fondamente van die ou Drosdy gebou is. Deur dié jare is van die oorspronklike dorp baie vernietig: daar was verskillende brande, 'n stormvloed in 1768 en 'n orkaan in 1822, om normale afbraak nie te vergeet nie. Baie geboue is later uitgebou of het ander toevoegsels, dakke of stoep gekry.

Afgesien van die rondstap, waarby 'n duidelike kaartjie die ligging van die geboue mooi aantoon, stel van Huyssteen ons ook in die geleentheid om ons in te lewe in dit samelewing van vroeer. In 'n vlot verteltrant, dikwels versier met droë humor, verneem ons van ontstellende gebeurtenisse, soos die selfmoord van ds. Van Loon in 1704, die vuurvaar van ds. Botha, wat koster Van Kerkhof se arm afgeslaan het en 'n lotery wat georganiseer is vir die bou van die kerk maar wat nie in goeie aarde geval het nie. Daar is natuurlik geharrewar oor rangorde by sitplekke in die kerk, en daar is die spook van Daniel van Ryneveld. Merkwaardig is die optrede van C.J. Langenhoven in 'n debatsbyeenkoms in 1930.

Hoewel daar tog baie plek in die dorp was, het die inwoners blykbaar volgens Europese tradisie by voorkeur teen mekaar gewoon. Nogtans bewys die groot aantal statige alleenstaande huise die lewenstyl van vroeer. Daar was besondere aandag gegee aan die bekendste verskynsel in die dorp: die Braak. Menige poging is aangewend om die oop ruimte te skend, nuttig te laat word en wat nie al nie. Elke slag was daar sterk teenstand en die oop ruimte het gelukkig vir die nageslag behoue gebly.

Stellenbosch is egter nie net 'n plek van gewels en bome nie. Daar is die universiteit met sy studentelewe en menige beweging, vereniging of streeve op die gebied van die Afrikaanse taal en kultuur het hier begin.

Die lewendige en tog dikwels ook weer bietjie statige tekeninge van al die genoemde geboue deur Hannes Meiring is 'n baie welkom toelighting by die teks. Hulle maak dit nie net makliker om die plekke te herken nie. Op sigself is dit 'n stel uitstekende tekeninge in die welbekende aangename trant van Hannes Meiring, waaraan ons stadigaan begin gewoond raak het.

Die boek is in 'n baie handige formaat uitgegee en dit kan maklik tydens wandelinge saamgeneem word. Dit is 'n gids in die beste sin van die woord, en dit is onmisbaar vir enigeen wat Stellenbosch besoek of iets meer oor die dorp wil weet. Ons wens dat ook van ander dorpe sulke gids saamgestel kon word!

F.G.E. NILANT  
*Universiteit van Pretoria*

A.H. DUMINY (red.), L.J.G. Adcock: *The Reminiscences of Richard Paver*. A.A. Balkema, Kaapstad, 1979, viii, 136 p., ill., R8,75.

Streekgeschiedenis het altyd hul eie intieme geur. Hierdie boek is geen uitsondering daarop nie. Richard Paver is gebore in 1821 in die Yorkdistrik, Engeland. Hy het vir meganiese ingenieur studeer, wat dit ook in daardie tyd beteken het, en het in 1843 na Suid-Afrika gekom. Twee jaar later het sy jonger broer, Henry, hom gevolg. In 1846 het die grensoorlog uitgebreek en Paver help vir Andries Stockenstrom, by wie hy deur Pringle aanbeveel is.

Daar was geen masjiene in Suid-Afrika nie en in 1847 gaan Paver na Engeland om 'n meul te koop vir Maaström, die plaas van Stockenstrom. Naderhand gee hy o.a. raad in verband met die uitleg van Bedford en bou hy 'n wolwasmasjiene in Fauresmith. Ten slotte het hy ingenieur in die Departement vir Openbare Werke van die Vrystaat geword. Hy is in 1907 in Reitz oorlede.

Hierdie herinneringe omvat veral die grensoorloë van 1846–1847 en 1859–1853. 'n Historiese inleiding gee 'n duidelike oorsig van die toestande en gebeurtenisse aan die Oos-grens en die groeiende tekort aan grond en vee. Daar is lewendige beskrywings van veehofstalle in 1846, aanvalle van die swartes, die verhouding tussen die burgers en die militêre en die ontsetting van Graaff-Reinet. Veral die relas van Paver oor Stockenstrom is belangrik vir historiese navorsers. Dit was Stockenstrom wat byvoorbeeld geëis het dat sy burgermanskappe, en nie net die militêre nie, ook betaal word vir militêre diens. Die taktiek om tegelykertyd met die vyand in die bos te kom en vervolgens stdig vorentoe te beweeg, en dusdanig die vyand te dwing om terug te trek, was destyds blykbaar suksesvol.

In Augustus 1846 maak Paver die ekspedisie oor die Keirivier mee, waarby besprekings met Kreli gevoer is. Van 1850 tot 1851 het hy 'n aktiewe aandeel in die verdediging van Maaström en ons verneem uit eerste hand oor geplunderde en verwoeste plaashuise. Paver was 'n intelligente, beskaafde en aangename persoon, wat deur omstandighede veelal gedwing is om werkloos te moet toesien hoe dinge nodeloos verniel word. Uit alles blyk ook dat Paver hom vinnig en goed by Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas het.

Die boek bespreek geen landpolitiek en geskiedenis nie. Dit is intendeel toegespits op die gewone dag tot dag lewe tydens die grensoorloë. Sulke plaaslike verslae is belangrik. Suid-Afrika is 'n uitgestrekte land en elke streek het sy eie merkwaardige geskiedenis binne die geheel. Dit is goed dat familie-argiewe en besittings meer en meer beskikbaar gestel word ten behoeve van navorsers en daar kan nie genoeg op aangedring word nie dat sulke stukke aan ampelike instellings, soos argiewe van biblioteke, afgestaan word of in elke geval in duplikaatvorm geskenk word. Met die duplikeertegnieke wat vandag beskikbaar is, is hierdie moontlikheid baie vergemaklik in vergelyking met vroeër.

Die boek is deel van die Grahamstad-serie, wat uitgegee word onder beskerming van die Rhodes-Universiteit. Die reeks is daarop gemik om 19de eeuse dagboeke, brieue en ander dokumente wat op die Oostelike Provinsie betrekking het, uit te gee. Die redaksie van hierdie boek is uitstekend, daar is ruim voetnote, illustrasies, 'n portret van Richard Paver en 'n uitvoerige indeks. Dit is 'n baie welkome toevoeing tot die geskiedkundige literatuur van die Oostelike Kaapprovincie.

F.G.E. NILANT  
Universiteit van Pretoria

H.C. WOODHOUSE, *The Bushman Art of Southern Africa*. Purnell, Johannesburg, 1979, 125, 160 pp., ill., R17,50.

Die beroemde kunskenner, M.J. Friedländer, het eendag opgemerk dat die belangstellende amateur en outodidak dikwels meer kan bereik as die professionele wetenskaplike, omdat hy die onderwerp spontaner benader en meer oop is vir nuwe inductie. Dit is sekerlik van toepassing op H.C. Woodhouse, 'n besigheidsman in Johannesburg. Met sy stokperdjie Suid-Afrikaanse rotsskilderinge en graverings besorg hy nie net vir homself gesonde afleiding nie, maar hy bewys bowendien honderde ander mense 'n groot guns. Tien jaar gelede het sy eerste boek verskyn, in samewerking met D.N. Lee. Hierdie nuwe boek beantwoord in alle opsigte aan die verwagtings wat die vroeëre studie laat koester het.

Woodhouse beskik oor 'n ruime kennis van die geskiedenis en argeologie van Suidelike Afrika. Hy weerlik halsstarrige bewerings in verband met die Boesmans, soos dat hulle vinniger kan hardloop as ander en ongevoelig is vir temperatuurverandering. Hy wys op die nog onbewese teorie dat moontlik menslike beweging van Suid na Noord was, en nie andersom soos altyd nog aangeneem is nie. Een van die grootste verskille tussen die steen- en die ysterdyperk is die verskynsel van toenemende besit. Die Boesmans het slegs oor die allernodigste beskik. Dit was die Bantoes en Europeane wat landbou bedryf het en veestapels opgebou het. Die perd het 'n groot rol gespeel. Alhoewel die Boesmans die perd wel oorgeneem het, kon hulle op die duur tog nie hulself handhaaf nie. Die einde het gekom nadat die druk tussen die blankes en die opkomende Zoeloenieasie te groot geword het. Vandag leef hulle nog net in die Kalahariwoestyn en halfwoestyn.

Die graverings kom meestal op plat klippe in oop plekke op die Hoëveld voor. Die skilderinge vind ons weer in grotte langs kranse of by riviere. Aan die hand van hierdie skilderinge bespreek Woodhouse die Boesmans se gereedskap, soos die pyl en boog, draagsak, graafstok, knopkierie, vysel en bakke, pyp, valle, strikje, klerke, lere en brûe. Hulle het gejag op groot sowel as kleiner diere. Die mans het gejag terwyl die vrouens versamel. Olifante, leeuus, elande, reebokke en baie ander diere is gejag, waarby vanselfsprekend seremonies en godsdiestige ritueel verbonden was. Volgens die Boesmans was diere vroeëre mense en gevoldig bestaan daar 'n besondere verhouding tussen mens en dier. Die uitbeelding van 'n eland en 'n jagter omvat byvoorbeeld nie sommer twee figure nie. Dit is eerder 'n ontmoeting tussen dier en mens. Mense self kom voor soos gesinne met kinders, of groot groepe, tot selfs dertig vrouens bymekaar.

Woodhouse onderskei vyf verskillende style: silhoeëtte van diere in kleur met slegs twee pote en gestileerde mensfigure sonder veel gesigsgedrukkings; diere met vier pote en bietjie beweging met klein mensfigurtjies; groot diere in omlyning met mense van verskillende etniese of kulturele groepering; 'n styl vol variasie en kleur; en ten slotte 'n heeltemal ander benadering met diere in wit en swart. Hierdie laaste periode is waarskynlik die werk van Bantoes en nie van Boesmans nie.

Ons tref danse en gebare aan, die arms agteruit, gevleuelde figure; aanduidende vinger wat moontlik 'n doodvonnis in die trant van Dingaan beteken. Daar is ook 'n aantal magiese lyne en figure wat nie verduidelik kan word nie. Selfs Halley se kommet word aangetreft. Menslike figure is dikwels uitgerek, moontlik om 'n besondere indruk te maak omdat die Boesmans maar klein was, of hulle is deur 'n heeltemal ander volk geskilder.

Woodhouse weerlik ook Abbé Breuil se mening oor die sogenoemde wit vrou van die Brandberg. Breuil het oor baie kennis van Europese en Egiptiese mitologie beskik, maar van tipiese Afrikaanse gewoontes was hy nie op hoogte nie.

Met al sy pogings om die verskynsels te verduidelik en teen 'n juiste agtergrond te plaas, swig Woodhouse nêrens vir die verleiding om dinge in Boesmankuns te wil sien waaroor daar geen definitiewe grond is nie en wat die oorspronklike kunstenaars ook nooit bedoel het nie. Hy trag die werk te bekijk vanuit die omstandighede waaronder dit gemaak is en nie vanuit 'n twintigste eeuse sienswyse nie. Hierin lê die waarde van hierdie boek: die leser word geleer om deurdringend te kyk en na te dink en nie om sommer vlugtig 'n paar minute in so 'n grot deur te bring en dan weer aan te stap nie.

Dit is 'n boeiende maar tegelyk grondige boek wat mens laat besluit om self ook maar weer in die berge rond te stap en te klouter en in 'n grot uit te kamp. Die boek is 'n baie welkome toevoeging tot die stadig groeiende hoeveelheid literatuur oor die merkwaardigste kunsform waaroer Suid-Afrika beskik.

F.G.E. NILANT  
Universiteit van Pretoria

ERIC ROSENTHAL: *Rustenburg Romance. The History of a Voortrekker Town*. Perskor, Johannesburg, 1979, 191 pp., foto's, prys R19,95.

Die skrywer en historikus Eric Rosenthal het geen bekendstelling nodig nie. Die verhaal van Rustenburg is nie die eerste dorpsgeschiedenis om uit sy pen te verskyn nie. Sy doel is om daardie dorp aan die breë publiek en sekerlik ook aan die Rustenburgers self bekend te stel. Heelparty van laasgenoemdes het finansiële tot die skryf van die boek bygedra. Uit die inhoud blyk dat Rosenthal nie probeer het om 'n ernstige bydrae tot die geskiedskrywing te lever nie. Die boek is nie van 'n bronnellys voorsien nie en daar word ook nie van voetnote gebruik gemaak om die oorsprong van gegewe informasie te verklaar nie. *Rustenburg Romance* het eerder die aard van 'n lywige brosjure as van 'n geskiedeskryf.

Die boek het sy meriete. In die eerste plek is dit ryklik geïllustreer met afdrukke van ou sketse uit 'n verskeidenheid versamelings en musea. Tweedens verskyn daar heelwat ou foto's waarvan sommige skynbaar vir die eerste keer gepubliseer word. Derdens bevat dit informasie, hetsy historiese feite of verhale en legendas uit die distrik, wat vir die eerste keer in boekvorm saamgevat word. Veral die tweede helfte van die boek, wat handel oor die Twintigste Eeuuse geskiedenis van Rustenburg, bevat interessante en wetenswaardige gegevens.

Wat die Negentiende Eeuuse geskiedenis van Rustenburg betref, word dit ietwat teleurstellend verhaal. Dit is te betreur dat die skrywer nie die algemene geskiedenis van Transvaal beter ken nie. Hy maak skriekende feitefoute, soos sy onvermoë om tussen A.W.J. Pretorius en M.W. Pretorius te onderskei. (P. 21) Twee bladsye verder beweer hy verkeerdelik dat kommandant-generaal Piet Potgieter by Moordrif vermoor is. In sy behandeling van die Transvaliese Burgeroorlog noem hy die wettig verkose president W.C.J. van Rensburg die rebellelei. (p. 56) Daardie feitefoute kan verskoon word, maar die feit dat hy die opspraakwakkende beklemtoon terwyl hy belangrike strominge soos bevolkingsgroei feitlik ignoreer, is onverskoonbaar.

Al die tekortkominge ten spyte, is *Rustenburg Romance* volgepak met omstandigheidsgetuienis wat lig werp op dié groeiende Transvaliese dorpsgemeenskap. Die daaglike bedrywigheid op bestuurvlak, die regsgedinge en die finansiële probleme kom na vore, die dorpenaars se lewenswyse word beskryf, en hier en daar kry die leser 'n blik op die Swart inwoners. Die boek vertoon netjies, die feitelike informasie is groot gedruk op glanspapier en die illustrasies is besonder goed. Die versamelaar van Afrikana en die belangstellende in streekgeschiedenis sal dit waardevol vind.

JACKIE GROBLER  
Universiteit van Pretoria

A.P.J. VAN RENSBURG, *Die Nuwe Afrika*. HAUM, Pretoria, Kaapstad, 1979. 583 pp., verwysings en register, R15,00.

Prof. A.P.J. van Rensburg het homself reeds stewig gevestig as een van die mees berese en produktiefste Afrika-historici in Suid-Afrika vandag. Sy vroeëre werke is welbekend en in hierdie — sy nuutste — werk bou hy sy beskouing rondom Afrika in 'n twaalftal hoofstukke verder uit.

Die werk vorm nie 'n eenheid ten opsigte van inhoud nie. Dit is eerder 'n samebundeling van losstaande temas onder die oorkoeplende titel van *Die Nuwe Afrika*. Die woord *nuwe* in die titel moet ook nie verstaan word as bedoelende slegs die huidige of resente Afrika nie, want die werk handel oor 'n verskeidenheid van temas, wat o.a. hoofstukke oor mondelinge tradisie en die tydperk van koloniale heerskappy insluit. *Nuut* moet ook geïnterpreteer word in die sin van die nuwe siening wat die wêrfeld vandag van Afrika, sy inwoners en hul geskiedenis het.

Die toevoeging van 'n hoofstuk oor mondelinge oorlewing en die gebruik daarvan deur historici van binne en buite Afrika in die werk, is te verwelkom. Dit is 'n terrein wat Suid-Afrikaanse historici nog nie ten volle benut in die rekonstruksie van die geskiedenis van ons Swart volkere nie.

In hoofstukke 3 tot 5 laat prof. Van Rensburg die klem val op die koloniale tydperk in Afrika se geskiedenis. Onder die titel *Aiye D'Aiye Oyimbo* bespreek hy die verdeling van Afrika kortlik. Hy gee nie 'n breedvoerige uiteensetting van die verloop van die verdeling nie, maar bespreek die oorsake en gevolge daarvan en wys veral op die verskil in siening wat daar bestaan oor wat die effek van hierdie Blanke daad op Swart Afrika was.

'n Veel omvattender hoofstuk is dié oor *Afrika-Nasionalisme* — 'n tema wat ten dele reeds in van sy vorige werke behandel is. Dié hoofstuk is enigermate ongelyk in die sin dat aan die gebeure in Portugees-Afrika veel aandag gegee word terwyl die res van Afrika oorsigtelik behandel word. Noord-Afrika kom ook glad nie ter sprake nie. Hierdie gemis is ook op-

vallend in die hoofstuk oor *Die Problematiek van die Blanke Setlaar in Swart Afrika* waar die Blankes in die Franse kolonies van Noord-Afrika (vernaamlik die colons van Algerië) nie behandel word nie. Nieteenstaande die tekortkoming is hierdie 'n belangrike hoofstuk wat 'n uiters sensitiewe saak aanraak en wat op bekwame wyse deur die skrywer aangebied word.

Ses verdere hoofstukke handel oor Afrika sedert onafhanklikheid. Daar word gekyk na enkele vroeëre en enkele huidige leiers in Afrika, o.a. ons eie eerste minister, P.W. Botha; aan die beleidsrigtings van onafhanklike Afrika word 'n hoofstuk gewy; die rol van drie groot moondhede nl. China, die Sowjet-Unie en die VSA in Afrika word ontleed, en aan die rol wat leiers in moderne Afrika speel word kortlik aandag gegee. Die laaste hoofstuk van die werk handel oor die letterkunde van Afrika. Inderdaad weerspieël hierdie verskeidenheid van temas die groot verskeidenheid wat hierdie eens slaperde reus, Afrika, sedert sy ontwaking voortgebring het. In ons poging om die soms vreemde wêreld van Afrika te begryp en deurgrond lewer hierdie werk 'n besliste bydrae.

H.J. VAN ASWEGEN  
Randse Afrikaanse Universiteit

F.A. VAN JAARSVELD, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*. Tafelberg, Kaapstad, 1979, 175 pp., R9,50.

Hierdie bundel bevat 'n sewetal opstelle wat tussen 1975 en 1979 uit die produktiewe pen van prof. F.A. van Jaarsveld verskyn het. Hieronder tel ook die referaat gelewer by die kongres in Maart 1979 by UNISA oor die teologie en die geskiedenis wat tot die bekende teer-en-veer-voorval geleei het. Dit is veral goed dat hierdie opstel nou in die oorspronklike vorm in druk verskyn sodat die meriete daarvan in kalmer omstandighede beoordeel kan word — weg van die emosie belaaiende atmosfeer tydens en na die voorval. Hierdie bespreking word dan ook hoofsaaklik tot die een opstel beperk — ook omdat dit by verre die langste stuk in die bundel is, nl. 43 bladsye.

Die skrywer het uiters deeglik die hele kwessie van die gelofte van meet af aan nagevors. Hy het nie alleen sowat alle literatuur rondom die gelofte bestudeer nie, maar teruggegaan na die drie dokumente waarop die jaarlike viering van die oorwinning by Bloedrivier berus. As geskoolde historikus het hy bronnekritiek toegepas en herinner hy onder andere daaraan dat die dokument wat gewoonlik as teks vir die gelofte gebruik word 33 jaar ná die gebeurtenis deur Sarel Cilliers opgestel is en dat die oorspronklike daarvan verlore gegaan het en slegs 'n afskrif in 'n geskiedeniswerk gepubliseer is; dat prof. G.B.A. Gerdener, wat erken dat niemand meer die teks van die gelofte korrek kan weergee nie, tot 'n rekonstruksie daarvan oorgegaan het en na goedunke wysings aangebring het — en dat dit die teks is wat jaarliks by geloftedagvierings voorgelees word. Hy wys ook op ongerymdhede tussen Cilliers se weergawe van die aflegging van die gelofte en dié van Andries Pretorius en Jan Bantjes. Verder toon hy aan dat die wyse van die viering van die gelofte verander het: dat dit byvoorbeeld tot 1864 nie gevier is nie en dat die Sabbatsklosule eers so laat as 1952 daaraan geheg is nadat dit vir byna 'n eeu as gewone openbare vakansiedag gevier was.

Prof. van Jaarsveld gaan daarna die beskouings van tydgenote en van historici oor die veldslag en die gelofte na en kyk verder na die beeld van Bloedrivier in die historiese bewussyn van die volk in die 19de en 20ste eeu. Dan volg 'n afdeling oor Bloedrivier as simbool van nasionalisme. In dié afdeling word ook gewys op die belangrike verandering in die Afrikaner se verledebeeld en dus sy veranderde siening van Bloedrivier. Dit sluit aan by 'n gedagte wat prominent na vore gekom het in die skrywer se vorige bundel aktualiteitsopstelle: *Omsingelde Afrikanerdom*, naamlik dat elke tyd sy eie beeld van die verlede skep — dat elke geslag as 't ware die geskiedenis herskryf — en dat 'n verstarde geskiedsbeeld selfs gevaarlik vir die voortbestaan van 'n volk kan word.

Dié gedagte word in die volgende afdeling oor die huidige dialoog rondom die slag van Bloedrivier voortgedra; en ook in die daaropvolgende afdeling oor die historiese bewussyn en die soek na identiteit. In 'n slotafdeling oor *God, geskiedenis en historiese vertolkning* word dan die gedagte verder uitgebou dat die verlede slegs in die lig van die hede begryp kan word en dat geskiedenisvertolkung onafskeidbaar aan lewens- en wêreldeskouing verbonde is. Om hierdie rede het die beskouing oor die betekenis van Bloedrivier oor 'n eeu en 'n half nie konstant gebly nie; en in 'n plurale samelewing soos dié van Suid-Afrika waar die magverhoudinge tussen Engelssprekende, Afrikaner en Swartman van tyd tot tyd verander het en nou weer besig is om 'n herwaardering te ondergaan, "behoort tans onderskeid getref te word tussen twee tipes openbare vakansiedae in Suid-Afrika, naamlik dié van partikuliere en dié van algemene of ope aard." (p.86) In terme van die veranderde posisie van die Afrikaner "wat die begrip 'Afrikanervolk' gerelateer het tot onderdeel van 'n bevolkingsgeheel" (p.75), kom prof. Van Jaarsveld dan tot die gevolgtrekking dat die Sabbatsklosule in 1952 verkeerdelik aan die viering van die gelofte verbind is (p. 48); by implikasie dus: laat die Afrikaner en dié wat hulle daardeur gebind voel die gelofte enige tyd "zoo als een Sabbath" vier, maar moenie ander Suid-Afrikaners, wit en swart, wat hulle ongebonden voel, daartoe verplig nie. Hierdie siening skyn geheel en al in ooreenstemming te wees met die Afrikaner van 1980 se beeld van sy posisie tussen 'n meerderheid nie-Afrikaners in hierdie land: sy identiteit moet hy handhaaf, maar sonder om andere te forseer om soos hy te dink en handel. Samevattend: 'n uiters deurdagte en uitstekend verantwoorde opstel dus, wat verdien om wyd gelees te word deur alle denkende Afrikaners.

Verskeie ander stukke in die bundel getuig ook van die skrywer se bewusheid van die veranderde omstandighede in die Suid-Afrika van die laaste kwart van die twintigste eeu en die noodsaaklikheid van aanpassing daarby sowel wat betref die beoefening van die vak geskiedenis as die hantering van die rasprobleem. Dit geld vir die laaste twee stukke oor *Relevansie in die geskiedenis en Historiese relevansie en leerganghervervorming* en ook in die opstel oor *Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing*. Die opstel *Die evolusie van apartheid* toon aan hoedat die begrip apartheid tussen 1948 en 1978 ontwikkel het van 'n doktrinêre, ideologiese begrip, deur die fasen van "afsonderlike ontwikkeling" tot die huidige versoeningspolitiek. In die opstel *Suid-Afrikaanse houdings teenoor die stad* word die onderskeie instellings teenoor

die stad van die Engelssprekende, die Afrikaner en die Swartman ontleed en die stedelike Swartman as 'n twispunt tussen die blanke bespreek. Dit is 'n bydrae tot die verstaan van die vyetydse geskiedenis en sluit aan by 'n gebied waarop prof. Van Jaarsveld baanbrekerswerk gelewer het, naamlik die stedelike geskiedenis. Die opstel oor die geskiedskrywing van G.D. Scholtz is 'n belangrike bydrae tot die literatuur oor die Suid-Afrikaanse historiografie waarin die werk van die produktiefste Afrikanerhistorikus tot 1975 in oënskou geneem word.

'n Voorstelklike bundel, dus, waarteen weinig kritiek ingebring kan word, behalwe dat die temas van die opstelle ietwat uiteenlopend is.

D.H. HEYDENRYCH  
*Universiteit van Pretoria*

F. SMUTS (red.), *Stellenbosch drie eue*. Stellenbosch Stadsraad, 1979, 464 pp., ill., register.

Die driehonderdjarige feesviering van Suid-Afrika se oudste dorp, Stellenbosch, in 1979 was 'n historiese gebeurtenis wat verdien het om by wyse van 'n feespublikasie gevier te word. Dié taak is op voortreflike wyse onderneem deur prof. Frans Smuts, hoogleraar in klassieke tale aan die Universiteit van Stellenbosch — iemand wat al diep spore getrap het in verband met die navorsing oor en die bewaring van die dorp se historiese erfenis. Hy is bygestaan deur 22 skrywers, onder wie vier beroepshistorici, en 'n aantal lede van die Stellenbosch Heemkring, 'n damesorganisasie wat hom daarop toelê om die kennis van die kulturele verlede van die gemeenskaplewend te hou.

Die produk is 'n pragpublikasie wat 'n nuwe, hoë standaard stel vir dorpsgeskiedenis. Wat baie hier toe bygedra het is die veelvuldige illustrasies. In hierdie opsig is Stellenbosch in die gelukkige posisie dat hy as die vroegste landbounedersetting buitekant Kaapstad met sy pragtige natuurskoon die verbeelding van reisigers en kunstenaars van vroeg af aangegryp het. So het 'n rekord in beeld op 'n vroeë stadium begin ontstaan. Hiervan getuig die akwarelle van Johannes Schumacher uit 1776 en vele ander beeldende bronne deur onder andere negentigste eeuse kunstenaars soos Thomas Bowler en sir Charles D'Oyly. Maar die ryke oes aan illustrasies toon ook tekens van eerlike, harde speurwerk, soos blyk uit die detail-illustrasies uit grondbriewe van so vroeg as 1686, en kopieë van ter saaklike dokumente, ens. Sowat twee-derdes van die hoofstuk oor die argitektuur, naamlik veertig bladsye, bestaan uit 'n oorsig in beeld van die Stellenbosch boukuns oor drie eue.

Die boek laat die geskiedenis van die dorp voor die leser verbyrol van die stigting in 1679, deur die verwoestende brand van 1710 en tot in die tweede helfte van die twintigste eeu, maar met die klem op die vroeë geskiedenis. Daar is hoofstukke oor die geologie, flora, fauna, die stigting van die dorp, die groei van die distrik, argitektuur, plaaslike bestuur, ekonomie, mediese dienste, die kerke en sending, die skole en hoër onderwys, die sosiale en kultuurlewe, die militêre lewe en oor sport en ontspanning. Die hoofstuk oor die stigting van Stellenbosch deur prof. Frans Smuts is 'n goeie bewys dat die geskiedenis nie net deur opgeleide historici bedryf kan word nie maar dat intelligente navorsing en toewyding uiters leesbare en wetenskaplik gefundeerde geskiedskrywing kan voortbring.

Baie van die hoofstukke berus op oorspronklike navorsing en sou in wetenskaplike kringe op stewige pote kon staan. Maar daar is wyslik besluit om voetnote weg te laai — dit skrif dikwels die nie-vakman af en dié werk is juis vir 'n baie wye leserskring bedoel. Die enigste uitsondering op hierdie reël is die opstelletjie deur prof. D.J. Kotze oor Sebastian Schröder, oorspronklike eienaar van die oudste bestaande huis in die dorp wat in 1709 dateer en vandag 'n museum is. Die rede vir dié uitsondering is, volgens die redakteur, "om te wys hoedat 'n totaal onbekende persoon, deur noukeurige navorsing in die oorspronklike bronne, 'n persoon van vlees en bloed kan word."

Wat die inhoud betref kan een punt van kritiek wees dat die nie-blanke bevolking van Stellenbosch in die werk slegs terg kom as die voorwerpe van sendingaktiwiteit. 'n Hoofstuk, hoe kort ook al, oor dié deel van die dorp se bevolking kon vrae soos die volgende beantwoord het: was daar enige inboorlinge woonagtig op die plek waar die dorp ontstaan het? Wat ter rol het die slawe in die opbou van die ekonomiese lewe gespeel en hoeveel slawe was daar op verskillende tye in die dorp en distrik? Wanneer het die eerste Kleurlingdorpsgebiede tot stand gekom en hoeveel kleurlinge woon tans in die dorp en distrik?

Die boek is tegnies pragtig versorg en vorm 'n ware kunswerk. Maar dit is veel meer as net 'n koffietafelboek en verdien veel meer as om net deurgeblaai te word.

D.H. HEYDENRYCH  
*Universiteit van Pretoria*